

02:2001

MATIELAND



ONS
GROET
ANDREAS
VAN WYK



CHRIS BRINK:
my wens vir
Stellenbosch



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner



STELLENBOSCH

Tel.: +27(0)21 887 4740 Fax +27(0)21 887 3875
 Website: www.abprealestate.co.za / E-mail: annabp@mweb.co.za



P.O.A.

22 Ha Wynplaas in Stellenbosch. 10 Ha Premium wit & rooi jong wingerd. Mooi 3 slpk woonhuis & 3 slpk kothuis met verskeie buitegeboue. Pragtige standhoudende bergstroom vorm 'n natuurlike grens.
Fanie Steenkamp 082 920 9472



P.O.A.

Dorpshuis met styl! 4 Slaapkamers, 2 leefareas, pragtige kombuis, goedversorgde tuin met swembad & buitebraai, dubbel motorhuis. Uitstekende sekuriteit!
Janè van der Merwe 082 331 1664



R1 230 000

Moderne dubbelverdieping woonhuis in gesogte area. 2 Woonvertreke, kantoor, 5 slpk (3 en-suite), 4 badk, 2m/h. Tans winsgewende gastehuis.
Tina Viljoen 082 897 8784



PARADYSKLOOF R660 000

Priced to sell!! Excellent position!! 3 Bedrooms, oregon kitchen, spacious study with separate lounge & dining room. Well-maintained garden. Undercover parking.
Elna Smit 082 577 7033



INVESTORS!

Excellent rental income. 4 Bedroom house with separate. Cottage on campus. Off-street parking.
Mari Carstens 082 566 1155



CAPE DUTCH HOMESTEAD

A sensational home with 4 en-suite bedrooms, sparkling pool and separate flat. Parking for up to 6 cars.
Cornette Liebenberg 082 569 9160

**FLATS / WOONSTELLE
 INVESTMENT - NEW DEVELOPMENTS**

BEGZICHT PLAZA

- * On campus
- * R5 000 Deposit
- * Security

- * No transfer duty
- * Basement Parking
- * 57 Units Sold

Yvonne Blomerus 082 572 5242 & Lizanne van Waart 082 576 1538

MONT CLAIR

- * Naby Eersterivier
- * 2 Beskikbaar
- * Historiese kern

- * 2 Slpk eenheid
- * Sekuriteit
- * Motorhuis

Voorblad: Die aangewese rektor en visekanselier, prof. Chris Brink, met sy vrou, Tobeia, en hul kinders, Hestia (3), Peter (1) en Carmen (17).

Front cover: The rector and vice-chancellor designate, Prof. Chris Brink, his wife, Tobeia, and their children, Hestia (3), Peter (1) and Carmen (17).

Die Universiteit se oudstudee en donateurs ontvang *Matieland* gratis. *Matieland* is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

Redaksie/Editorial staff

Uitvoerende redakteur, Universiteitspublikasies / Executive Editor, University Publications: Hans-Peter Bakker

Redakteur/Editor, *Matieland*: Hans Oosthuizen

Redaksiekantoor

Bemarking & Kommunikasie, Privaatsak X1, Matieland, 7602; tel: 021 808 4851; faks: 021 808 3800; e-pos: jcoost@maties.sun.ac.za

Sirkulasie

Malena Founie, Stellenbosch Stigting, Privaatsak X1, Matieland, 7602; tel: 021 808 4843; faks: 021 808 3026; e-pos: alumni@maties.sun.ac.za

Editorial Office

Marketing & Communication, Private Bag X1, Matieland, 7602; tel: 021 808 4851; fax: 021 808 3800; e-mail: jcoost@maties.sun.ac.za

Circulation

Malena Founie, Stellenbosch Foundation, Private Bag X1, Matieland, 7602; tel: 021 808 4843; fax: 021 808 3026; e-mail: alumni@maties.sun.ac.za

Published since 1957

Jaargang 45 02:2001

ISSN 0025 5947

Editorial Director: Joan Kruger

Managing Editor: Helena Gavera

Design & Layout: Nicky van den Berg

Production manager: Lucrezia Wolfaardt

Published for *Matieland* by New Media Publishing

New Media Publishing

Chief Operations Officer: Irma van Zyl

Chief Financial Officer: John Psillos

Director New Business: Naomi Herselman


Advertising Manager: Maria Tiganis

NMP, Box 440, Green Point 8051

Tel: 021 439 8252 Fax: 021 439 8277

Repro: Hirt & Carter

Printing: CTP



Inhoud/Contents

DESEMBER/DECEMBER 2001

Allerlei/Miscellaneous

- 3** Redakteursbrief/Briewe
- 36** Veiligheid kry voorkeur op kampus
- 38** In Memoriam
- 40** Alumni is deel van ons toekoms

Mense/People

- 4** Die kaptein gee die stuur oor
- 8** Kole Omotoso
- 13** 'n Kosbare skat ontsluit
- 14** Stellenbosch móét "rechterhand" onthou
- 20** Altyd nóg iets om te oorwin
- 34** Uitgeweke professor 'n miskende profeet

Onderrig/Teaching

- 26** Meer leer, minder speel
- 29** Nuwe sentrum help studente skryf

Eerbewyse/Tributes

- 24** Beste Professor
- 24** Teoloog groet pous in Afrikaans
- 25** Akademie vereer navorsers

Navorsing/Research

- 10** A life with new meaning
- 16** Research leader attracts huge allocation
- 17** Nurturing Namaqualand
- 18** Sweet success
- 19** The proof lies in the product

Die Kunste/The Arts

- 30** Keramiekversameling 'n nuttjie
- 31** Die WAT woeker met woema
- 31** Afrikaanse Woordfees bou tradisie

Sport

- 32** Van watervrees tot wêreldkroon
- 33** Krieket is Maties se oudste sport

**You spent years at university
making sure you didn't become
a number.**

**Now choose a long-term insurer
that doesn't treat you like one.**



TAKING CARE OF OUR OWN.



**Professional Provident Society Insurance Company Limited
Tel: (011) 644-4200, (011) Fax: 644-4400, Web address: www.pps.co.za**

REDAKTEURSBRIEF

Die gesinsfoto met twee kleuters op Matieland se voorblad laat jou wonder? Wel, dit is mos nuuswaardig dat daar met die aanbreek van 2002 vir die eerste keer kleuters in die Stellenbosse rektor en visekanselier se huis gaan wees. Hiermee dan, welkom aan die Brinks!

En tot siens in dié uitgawe aan die Van Wyks wat in Desember as rektor- en visekanselierspaar uittree. Lees van die merkwaardige vrou agter Andreas van Wyk, én van die man aan die stuur van die Universiteit die afgelope agt moeilike jare van woelinge in die universiteitsomgewing.

Prof Van Wyk het hom onderskei as briljante student en akademikus. 'n Voorste landsadministrateur en rigtingwyser wat in die onseker tydperk 1984-1987 'n leiersrol gespeel het in die afskaffing van heelwat diskriminerende staatswetgewing en deurgaans staats hervorming bepleit het. Strategie, leier, visionêr wat in die US-bestuur 'n beskermheer van waardes en karakter was.

Hy was indirek ook ambassadeur wat sewe tale magtig is en talle universiteitsbande tot in Afrika en Asië help bou het – 'n leier wat omvattende strategiese beplanning by die Universiteit deurgevoer het en in troebel tye leiding geneem het op die universiteitstoneel landwyd asook in lande van die Gemenebes.

Nog 'n regte man op die regte tyd was die Stellenbosse "jintilman"-boer, Jannie Marais, wat byna nege dekades gelede met versindheid bygedra het tot die Universiteit van Stellenbosch se totstandkoming.

Gepraat van merkwaardiges – daar is Mike Horn, die Oudmatie wat as avonturier wêreldnaam gemaak het, die Nigeriesgebore akademikus, skrywer en yebogogo-ster wat nou op Stellenbosch klasgee, 'n geliefde Afrikaanse skryfster wie se dokumenteversameling vir studie in die Universiteitsbiblioteek bewaar word asook 'n professor wat vir sy doseerwerk vereer is deur studente van 'n Europese sakeskool en vele meer.

Dit is altyd met groot hartseer dat mens verneem van die afsterwe van Oudmaties en meer so as dit gewelddadig is. Laat ons dan veral in hierdie tyd vir 'n oomblik stilstaan en in besonder dink aan die naasbestaandes van Liz Ploughman en twee ander Oudmaties wat onlangs vermoor is.

Ja, ons leef in onseker tye. Onthou net, in 1915 was daar nie eens die sekerheid dat die Victoria Kollege die Universiteit van Stellenbosch sou word nie. En kyk, vandag is daar 'n stabiele studeeromgewing, 'n Universiteit van internasionale staatur met rekordgetalle studente. Oom Jannie kan tevrede glimlag...

Ons wens lesers 'n geseënde feestyd en gelukkige 2002 toe.

Hans Oudhuizen

Don't abandon the traditional oak



Referring to the interesting article 'Is Stellenbosch losing its famous oaks?' by Professor Gustav Holz

(Matieland 01:2001), I hope the Town Council is not going to switch from the traditional European oak (*Quercus robur*) to some other species of oak.

The American pin oaks (*Q. palustris*) which have been planted here and there in Stellenbosch keep their dead leaves all winter long, which is ugly. Then even the Turkey oak (*Q. cerris*) looks more like the traditional Stellenbosch oak, and there are specimens of it in the Boland from which acorns could be obtained. But let us hope that a Portuguese or Spanish strain of the European oak will solve the problem.

■ Mikael Grut, London, SW19, UK



Om 'n universiteit in die regte rigting te stuur, is geen maklike taak nie. **Prof Andreas van Wyk** het hom egter nooit laat afskrik deur die golwe van verandering nie.

“Doen wat jy dink reg is, want as jy heelyd in die middel van die pad probeer loop, gaan die karre jou trap.”

Dié woorde van dr David de Villiers, 'n oudraadsvoorsitter van die Universiteit, was van die advies wat prof Andreas van Wyk bygebly het deur sy meer as agt jaar as rektor en visekanselier.

“Die vreugdes was veel groter as die moeilikhede en soms selfs pyn,” het Van Wyk op 17 September, op sy 60ste verjaardag, gesê toe daar in die Endlersaal formeel van hom en mev Magdaleen van Wyk as rektorspaar afskeid geneem is. Dit was presies agt jaar nadat hy, óók op sy verjaardag en in dié saal, as universiteitshoof ingehuldig is.

“Dit was nie altyd maklik nie,” het Van

DIE KAPTEIN

gee die stuur oor



HOOGTEPUNTE: Van Wyk met die verlening van 'n eregraad aan Nelson Mandela (links) en met Elize Botha se inhuldiging as kanselier.

Wyk gesê. Hy het 'n afgetrede Amerikaanse universiteitshoof, Peter Flawn van die Universiteit van Texas in Austin, uit sy werk, *Primer for university presidents*, aangehaal: "A quotation attributed to the great English statesman, Edmund Burke, has graced the wall of my office... 'Those who would carry on great public schemes must be proof against the worst fatiguing delays, the most mortifying disappointments, the most shocking insults, and what is worst of all, the presumptuous judgement of the ignorant upon their design.' That describes the lot of the public university president in the last quarter of the twentieth century."

Van Wyk het sy voorgangers as "n lang ankerketting van voortreflike rektore" geloof en glo prof Chris Brink, aangewese rektor, en dié na hom sal "die Stellenbosse skip deeglik geanker" hou.

"Die rots waaraan die skip geanker is, kan as volg beskryf word: die gemeenskap waaruit ons Universiteit ontstaan het, die taal wat die kern van daardie gemeenskap vorm, die strewe na voortrefflikheid op 'n internasionale vlak in ons oordrag van en soeke na kennis, diensbaarheid aan die hele Suid-Afrika en vertrouwe in ons land se toekoms."

Die skip se seelui, het Van Wyk gesê, is die studente; die kompaslesers, die akademici; die wagliede, die administratiewe en ondersteuningspersoneel; die stuurmanne, die hele universiteitsbestuur; die aandeelhouers wat die beleidsraamwerk vir die skip se koers bepaal, is die universiteitsraad; en die "pragtige en vroulike boegbeeld" die kanselier, prof Elize Botha.

Botha het in haar afskeidswoord aan Van Wyk verwys na sy "aandag aan die ewig menslike in die bevordering van verdraagsaamheid, gesprekvoering, ingeligtheid en lojaliteit teenoor hierdie land en sy mense." Prof Van Wyk het oudergewoonte afgesluit in sy geliefde Latyn deur die Franse hoofstad se leuse aan te haal: *Fluctuat nec mergitur* – laat die skip vaar en nie sink nie. ■

RIGTINGGEWER vir Stellenbosch én SA

Die Universiteit, die Afrikaanse gemeenskap én Suid-Afrika was besonder gelukkig om juis vir **Andreas van Wyk** die afgelope jare as rektor en visekanselier te hê.

O Dít is die siening van sakeleier dr Christo Wiese, 'n Universiteitsraadslid, oudstudent van Van Wyk en een van sowat 60 mense wat bydraes geskryf het vir 'n huldigingsbundel wat deur die Universteit uitgegee is oor die uittredende rektor en visekanselier.

Dr Ritzema de la Bat, die raad se ondervoorsitter, sê in die boek hy moes "die totaal onbekende en veranderende verhoudingsituasie met die regering van die dag in die negentigerjare bestuur". Dit was "n moeilik maar strategies belangrike pad wat oopgekap moes word..."

Van Wyk het, volgens De la Bat, dikwels onder druk die koers aangedui en deur sy leierskap dikwels vir die Universiteit en die universiteitswese in Suid-Afrika duidelik rigting gegee.

Prof Rolf Stumpf, viserektor (bedryf), skryf oor Van Wyk se rektorsjare dat hy uitmuntend daarin geslaag het om die akademiese en bestuursfunksies te integreer. Hy kon besluite neem, "gebaseer op sy merkbare intellektuele vermoëns en sy besondere geheue. Hy het ander die ruimte gegun vir innovasie en ondernemerskap, maar in sy bestuurstaak... altyd student gebly met 'n baie wye belangstelling en 'n begeerte om altyd iets nuuts te leer."

"Ongetwyfeld laat Andreas van Wyk Stellenbosch agter as 'n baie goed bestuurde instelling wat aan studente 'n geïntegreerde opvoedingsgeleentheid bied, waar akademiese standarde beslis gedurende sy termyn verhoog is en waar die Universiteit se aansien, nasionaal asook internasionaal, hoër is."

Vir sommiges het Stellenbosch onder Van Wyk te vinnig verander en aangepas, vir ander weer te min, sê Stumpf. Nogtans het hy die voortou geneem met 'n verskeidenheid beleidsmaatreëls soos 'n personeelverbredingsbeleid, akademiese diensbillikheidsbeleid, steunprogramme vir benadeelde skoolomgewings en hoër beursbystand aan veral swart studente. Die druk vir vinniger verandering sál vorentoe toeneem, en Van Wyk het beslis 'n goeie basis daarvoor gestel, skryf Stumpf. ■

HANDY ANDY, die mitiese figuur

Prof JC de Wet, doyen van die Stellenbosse regs fakulteit, het die jong **Andreas van Wyk** destyds geïdentifiseer as bogemiddelde juris en hom laat saamwerk aan die standaardwerk *Kontraktereg en Handelsreg*.

As regsdosent was Van Wyk "werklik 'n mitiese figuur onder sy studente," sê prof Gerhard Lubbe, 'n oudstudent van Van Wyk en nou dosent in dié fakulteit.

"'Handy Andy' was ons naam vir hom, die man wat alles kon doen, en juis daarom ook alles wou doen." Studente het "deur sy voorbeeld onder die indruk gekom van wat helder en sistematiese denke is... om op hulle voete te dink en oor die algemeen harder te werk as wat hulle ooit gedink het moontlik is."

Nog 'n oudstudent, sakeleier Michiel le Roux, sê Van Wyk "het as dosent nooit gewaffle nie" en 65 minute se werk in 40 minute ingepas. Hy "het nog altyd daardie vermoë om die kaf van die koring te skei en te konsentreer op dit wat saak maak."

Prof Marius de Waal, oudstudent en -kollega van Van Wyk, was "verstom oor hoeveel hy van sy studente geweet het." Regter Fritz Brand, ook 'n oudstudent en -kollega, sê Van Wyk, het anders as die meeste van sy destydse kollegas "oorgeleun na die praktiese toepassing eerder as die teorie van die regswetenskap" sodat "ons vandag in die howe selfs sy styl by sy oudstudente waarneem."

Prof Joh van Tonder, eertydse direkteur van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, skryf oor Van Wyk se tydperk as direkteur-generaal van dié

staatsdepartement (einde 1984 tot Mei 1987): "Andreas van Wyk se diensjare is deurgaans gekenmerk deur 'n dinamiese, toegewyde werksbenadering, ondernemende inisiatief, vaardige administrasie van veranderingsproesse en 'n leierskapsvermoë waarop 'n mens kon steun."

Skippie Scheepers, 'n oudkollega, onthou dié staaltjie: "...destyds het Andreas hom om een of ander rede nie veel aan 'n motor gesteur nie. Dit was die eerste keer dat ek beleef het dat iemand 'n Mercedes Benz 280SE so hard laat werk het dat een van sy voorste stuur-stange losgekom het. Hy het blykbaar niks agtergekom nie, totdat 'n veiligheidswag by die parlamentsgebou in die Kaap sy aandag daarop gevestig het. Net nog 'n voorbeeld van hoe gefokus hy op sy werk kon wees!" ■



CURRICULUM VITAE

Andreas van Wyk, boorling van Pretoria het met sewe onderskeidings aan die Hoër Seunskool Helpmekaar, Johannesburg, gematrikuleer; BA (Regte) en LLB albei met lof op Stellenbosch behaal; in Bonn, Duitsland gestudeer; is as advokaat in Suid-Afrika toegelaat; en het in 1976 'n doktorsgraad in Leiden, Nederland, verwerf.

Hy was vanaf 1966 dosent in privaat- en handelsreg, later dekaan van regsgeleerdheid op Stellenbosch; direkteur-generaal van Staatkundige

Ontwikkeling en Beplanning in 1984-1987; weer professor op Stellenbosch, en deelydse dosent, UWK, tot 1991; viserektor (bedryf) tot middel 1993; en nadat hy vanaf middel 1992 waarnemende rektor en visekanselier was, bekleed hy dié amp sedert 1 Julie 1993.

Van Wyk het akademiese standaardwerke oor die SA Reg geskryf. Onder die groot aantal beurse en toekennings wat hy deur die jare gekry het, is 'n Ussalep-reisbeurs na die VSA (1978), stipendia vir studie en navorsing in

'N STEUNPILAAAR van formaat

Magdaleen van Wyk, rektorsvrou, 'n dosent aan die Universiteit en 'n voorste skrywer van kookboeke, is 'n plat-op-die-aarde mens wat die léwe vol geesdrif aanpak. Terry de Vries het met haar gesels.



FOTO: IVAN VOLSCHEK

Duitsland (1965, '81) asook die Rijksuniversiteit in Leiden se Willem van Oranje-medalje, 'n eredoktorsgraad in die regte van die Katholieke Universiteit Leuven en 'n Alexander von Humboldt-medalje vir die bevordering van wetenskaplike verhoudinge met Duitsland (1995-'97). Hy was ook Sauvca (die Suid-Afrikaanse visekanseliersvereniging) se voorsitter en 'n raadslid van die Vereniging van Gemenebes-universiteite.

Iemand vertel my dat Magdaleen van Wyk 30 uur in 'n 24 uur dag inpak en ek dink by myself: dié resepte moet ek by haar kry.

Hier is 'n vrou wat voltyds klasgee, twee dogters grootgemaak het, 13 kookboeke geskryf het, mense van reg oor die wêreld ontmoet en gulhartig onthaal en stilweg deur dit alles 'n steunpilaar vir haar man is.

Is dit doeltreffende tydsbeplanning? "O nee," lag Magdaleen van Wyk, "ek is 'n *on the spur of the moment*-mens. Ek beplan nie lank vooruit nie. As ek mense die aand vir ete het, besluit ek die oggend as ek opstaan waarvoor ek lus is. Oor middagete gaan koop ek dit." En sy wonder oor die aanpassing wat noodgedwonge gaan kom as sy middel volgende jaar aftree en hulle Afrika gaan inwaar in hul 4x4 – dan sal sy móét vooruitbeplan want winkels is daar nie.

Sy hou glad nie van ingewikkelde resepte nie. Of kleremaak nie. Sy het in BSc Dieetkunde en Fisiologie (met onderskeiding!) "beland". In 1964 het sy begin klasgee, onder meer terapeutiese voeding by die destydse Departement Huis-houdkunde en Dieetkunde (nou Verbruikerswetenskap) omdat sy hou van mense en "van die *acting* van klasgee".

Sy het ook "per ongeluk" begin om kookboeke te skryf. "Struik het vir my gevra om 'n boek te skryf." Dit was *Die*

Volledige Suid-Afrikaanse Kookboek, so suksesvol dat dit reeds nege keer herdruk is. "Al die ander kookboeke het daaruit voortgevloei."


Dat sy deur die jare voltyds bly werk het, was ook nooit 'n bewustelike besluit nie. "Om klas te gee, werk goed saam met 'n gesin. Andreas het my vreeslik ondersteun om aan te hou werk. Soos hy sê, dit gee my 'n stukkie grond waarop ek kan tango."

Hoe was dit om onder hom te werk? "Ek het nie 'n reguit lyn na die hemel toe gehad nie, hoor! Ek was bewustelik nie in enige administratiewe rol nie. Ek dra nie stories aan nie. Intendeel, ek het juis minder goed vertel, want ek was bang ek stel mense bloot."

Haar rol as rektorsvrou het haar soos 'n handskoen gepas: sy het die kampus, die universiteitsgemeenskap en die ander rektore geken. Sy moes onthaal (wat sy toe-oë kan doen) en mense ontmoet (wat sy met geesdrif doen). "Dit is geweldig verrykend om so 'n lekker interessante klomp mense te kon ontmoet." Selfs die jaarlikse vyf gradeplegtighede wat sy moet deursit, is "lekker sports". "Die opgewondenheid van die ouers en die studente en die hele atmosfeer is aansteeklik. Dis nie 'n pyn nie. Daar is ook 'n klomp van my eie studente."

Baie van die pligte, soos om musiekkonserte en kunsuitstallings by te woon, is louter plesier – dis belangstellings wat albei deel. "Ek en Andreas is baie goeie vriende. En ons kan saam lag. Dit sorg vir 'n interessante lewe."

As 'n krisis opduik en humeure opvlam, is dit sy wat deurentyd koelkop en diplomaties bly. Niks kry haar sommer onder nie. Sy het 'n kalmte in haar wat uitstraal. En ek besef skielik hoekom sy so baie in 'n dag kan pak: sy lewe in elke oomblik. ■



In the collective consciousness of South Africa, Kole Omotoso is a roadside salesman of wire-built windmills who cleverly employ modern technology to outwit the BMW windbag and his "doll". By **Sybelle Albrecht**

Even though the popular Vodacom television commercial, and those that followed, had stripped Omotoso of anonymity, very few of the many strangers who greet him in public with a smile or a "yebo, gogo", realise that Prof. Bankole Ajibabi Omotoso is in real life one of Africa's foremost men of letters; a multidimensional Renaissance man in a world increasingly confined within the boundaries of specialisation.

The yebo gogo man is not only a widely published author of novels, plays, short stories and nonfiction works on politics and history; but also a formidable actor, theatre critic and speaker of various languages. Described by Van Zyl Slabbert as "streetwise in the ways of our extraordinary continent", Omotoso is an African to the marrow.

At the same time, however, he has a profound understanding of the West and is as comfortable in the Christian and Arab-Islamic worlds as he is in the culture, traditions and beliefs of the Yoruba tribe and his heartland, Nigeria.

It is not always easy to distinguish between Kole Omotoso the writer and Kole Omotoso the political thinker and scientist. That's because politics has been part of his life since the day in 1943 when he was born into a traditional élite Yoruba family in the town of Akure in Ondo, Nigeria. He grew up during the 1940s and 50s, a period of militant nationalism when his country struggled to free itself from British colonial rule.

Omotoso shared the dreams of his elders and countrymen of peace, progress

KOLE OMOTOSO

- the African intellectual behind the yebo gogo man

and prosperity in an independent Nigeria, but as an adult and writer, he became deeply disillusioned by the civil strife that tore his country apart, as well as a series of military coups and the failure of the Nigerian nation state. He talks with sadness about the dispersion and seepage of talent from Nigeria as the writers and intellectuals like himself and the Nobel Prize winner, Wole Soyinka, found it increasingly difficult to work and function in a country under military rule.

For Omotoso, life in Nigeria became "impossible" when his popular historical novel about Nigeria, *Just Before Dawn*, caused a storm of controversy, including a court case in which his publishers refused to defend him.


Although he had studied, worked and travelled to various parts of the world since his student days, Omotoso says that he had done so always knowing that he would return to his beloved Nigeria. He would never have believed that one day he would leave the country without knowing when next he would be back, or that he would return for brief visits only. That was exactly what happened when in 1992, he realised that he could no longer function under undemocratic rule in a country ruined by corruption and political chicanery.

In January 1992 he left Nigeria with his family to settle in a postapartheid South Africa, taking up a post as professor of English at the University of the Western Cape, where he taught until the beginning of this year, when he was appointed professor in Stellenbosch University's Drama Department.

Two years after his arrival in this country, his book, *Season of Migration to the South*, was published, explaining why he had chosen South Africa as his new home – and not the United States or any other

African country. "It is clear that the initial encounter between Africa and Europe gave rise to dreams of a situation that would be to the benefit of both continents and races," he writes.

"More than three hundred years later, the encounter between Europe and Africa has been closest in South Africa, and the mutual assimilation the greatest. Now with the dismantling of apartheid, an environment could finally be created with-



"They drew my attention to the fact that the first Afrikaans writings were written in Arabic script. I was immediately fascinated and has since then tried to study and read as much as possible about it."

in which that original dream of hope might become a reality."

In the final analysis, he writes, he had come to South Africa in the hope of doing something for Nigeria; to find the perspective that would enable him to map a way out of the deadlock of postcolonial Africa.

While politics has always been a natural part of Omotoso's life, his venture into the theatre happened almost by chance. "No, it did not happen because I had landed in the wrong queue when I enrolled as a student, as some would have it," he laughs. "I was going to study English, but when I wanted to enroll, I discovered that most of the books prescribed for the second year of the English course, were all books that I had already read. I then tried to persuade my mother to send me to London to study journalism, but a lecturer at the university eventually convinced me to enrol in Arabic and Islamic studies."

After obtaining a BA degree, Omotoso enrolled at the University of Edinburgh in Scotland for a postgraduate course in contemporary Arabic literature with the

emphasis on drama and theatre. In 1972 he was awarded a doctorate for his dissertation on the modern Arabic novelist and playwright, Ahmad Ba-Kathir. At the same time, he finished his first novel, *The Edifice*.

Omotoso gradually migrated to the theatre, especially since as a non-Muslim, it was difficult to find teaching posts in Arabic.

After teaching English at the University of the Western Cape for a number of years,

Omotoso regarded the opportunity to teach drama at Stellenbosch as a real challenge. For Omotoso the theatre embodies the playfulness of the human spirit. "Theatre is magic; it is making the impossible happen."

That he would become such an integral feature of life in South Africa in such a short space of time, came as quite a surprise to Omotoso. It started shortly after his arrival in South Africa, when he was asked to do a commercial for a hard-bodied bakkie, he recalls. "It was a nice ad, beautifully shot at Calvinia and it depicted this black man in his bakkie, promising his children that one day he would give their land back to them."

The ad was shown on television, but taken off after only one week because of complaints from farmers. But among those who had seen the ad were the producers planning the first yebo gogo ads. They approached Omotoso and offered him the role of the sardonic roadside salesman. The rest is history...

A LIFE WITH NEW MEANING

For people suffering from epilepsy, the disease often means a life not fully lived. Delicate brain surgery can now ensure quality of life. By **Sybelle Albrecht**

Ellenore Bowles, a young woman from Bellville, suffered from epilepsy since she was two years old. Recurrent epileptic seizures left her dazed and confused with excruciating headaches, memory loss and the constant fear of not knowing when the next seizure might occur.

On days when her brain was in the grip of one seizure after the other, she was unable to work or function normally. It affected every area of her life, from schoolwork when she was younger, to personal relationships and coping in general and in terms of the law, she was not legally allowed to drive a car.

Although Ellenore used anticonvulsant medication, she still had three or four seizures at least once every six weeks. Her medication had to be increased continually to control the seizures.

Today, however, Ellenore and many other epilepsy sufferers have emerged from the twilight world of epilepsy seizures thanks to efforts of Dr James Butler and the neurology department in the Health Sciences Faculty. They pioneered the promotion in South Africa of a delicate brain operation to improve and in many cases cure epilepsy in selected patients. This operation involves the surgical removal of that part of a patient's brain where seizures originate.

Butler learned of the benefits of the

operation during a two-year fellowship in London and Ontario, Canada, where the surgical removal of seizure-producing areas of the brain was an accepted form of epilepsy treatment.

Butler points out that a few seizures a year are enough to compromise the quality of life of epilepsy sufferers. "One seizure per year precludes a patient from driving and may have profound consequences upon work and employability, relationships, self-esteem and mood. The goal of epilepsy surgery is to improve quality of life and often does so quite dramatically."

Quality of life

Today a number of South Africans from various parts of the country can attest to the immense impact that epilepsy surgery has had on their lives.

An ongoing follow-up of the outcome of epilepsy surgery at Tygerberg Hospital shows that 36 of the first 40 patients treated by Butler and his team during 1998-2000, were cured of their seizures or have had rare seizures only. This group included men and women aged five to 53 years.

According to Butler, some three percent of all people can expect to develop epilepsy at some time in their lives. In about 25 to 30 percent of patients the drugs do not control seizures. These drugs

can also be very expensive, especially when used for several years. Surgery is an alternative, he says. It can be performed on both children and adults. However, it is not suitable for every epileptic.

Careful selection

To decide whether an adult or child will benefit from the operation, Butler and the neurology team must consider various issues. Is the problem really epilepsy and not another type of neurologic disorder? Can medication, diet or other treatments control the seizures? Will the patient's condition improve, stay the same or get worse without surgery? Where in the brain do seizures originate? Can surgery be done safely? Before surgery, it is important to understand what the patient's quality of life is and what the anticipated gain in quality of life will be.

Butler and his team study a patient's (or the family's) medical history, physical examinations, medical records and a battery of tests before surgery.

Before any decision to operate, patients are hospitalised and their brain functions are monitored for several days. For instance, to identify the precise region where seizures start, a surgeon opens the patient's brain and inserts a grid of electrodes. The wound is then closed and the patient returns to the ward where the doctors spend several days recording the

patient's seizures. Electroencephalograms (EEGs) are recorded from each of the electrodes in the grid. Small amounts of current are passed through these electrodes to determine the normal brain function underneath the various electrodes. Thus they establish where normal brain functions such as language, vision, movement and sensation are situated, and where the seizures originate.

These tests are very important: areas of

the brain and the temporal lobe where seizures often originate, lie very close to one another. During the operation, the patient will, in fact, be woken up from the anaesthesia and while working on the brain, the surgeon will ask the patient simple questions to ensure that only the affected sections are removed while the eloquent functions remain undamaged.

The Stellenbosch/Tygerberg team's results are comparable with the success

rates of other countries. According to international medical literature, a temporal lobectomy has a cure rate of 70 percent or more and improves seizures in more than 90 percent of patients who undergo the procedure.

These statistics are important for the doctors. For the patients, the operation means something different: the release from epilepsy's life-long bondage on its victims.

SunSpace Information Systems het binne 'n jaar ná sy stigting reeds R3 miljoen in die Universiteit teruggeploeg.

SUNSPACE

met 'n oog op die toekoms

SunSpace is in Maart 2000 gestig, ná die sukses van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese se ambisieuse Sunsat-projek wat studente die geleentheid gebied het om by die ontwerp en bou van 'n mikrosatelliet betrokke te raak.


SunSpace lê hom toe op die kommersialisering van kleinsatellietegnologie en verwante inligtingstelsels. Dit is 'n assosiaatmaatskappy van Unistel Groep Beherend (Edms) Bpk, die kommersialiseringsarm van die Kantoor vir Intellektuele Eiendom (KIE), wat op sy beurt verantwoordelik is vir die beveiliging en komersiële ontginning van intellektuele eiendom van die Universiteit.

Die maatskappy het van die begin af sy strategiese verbintenis met die fakulteit as navorsingsvennoot

behou. SunSpace het al meer as R800 000 aan die fakulteit geskenk.

'n Kontrak vir tegnologieoordrag en die bou van 'n satelliet is met 'n oorsese kliënt gesluit. Dr Danie du Toit, SunSpace se hoofbestuurder, sê hoewel die plaaslike mark beperk is, is daar heelwat buitelandse geleenthede. Daar word veral klem gelê op die ontwikkeling van bykomende programme.

Prof PW van der Walt, dekaan van Ingenieurswese, sê dié fakulteit het 'n strategie vir die vorming van deegatmaatskappye ontwikkel om die fakulteit se kapasiteit vir hoëgehalte-navorsing te verhoog. "Dié strategie is 'n sleutelement in ons strewende om 'n toonaangewende internasionale rolspeler in ingenieurswese te wees. SunSpace voldoen volledig aan ons verwagtinge in dié verband!"



FOTO'S: ANTON JORDAAN



TOEKOMSGERIG: SunSpace se hoofbestuurder, Danie du Toit, (regs), en Hendrik Burger, 'n elektroniese ingenieur, in een van Sunspace se laboratoria.

Bouwerk aan Academia Studentebehuising vorder goed. Vroeg in 2002 trek nog 144 Maties in nuwe wooneenhede in.

ACADEMIA bied oplossing

Syfin Eiendomme ontwikkel dié innoverende projek, wat saam met die Universiteit aangepak is weens die groot aanraag na blyplek op die kampus.

Academia Studentepark is langs die ingenieursfakulteit en grens aan die Duthie natuurreservaat. Die tweede fase bestaan uit gemeubileerde een- of tweeslaapkamerwooneenhede in 'n sekuriteitskompleks met veilige parkering. Daar is studeergeriewe met aansluitingspunte na die Universiteit se rekenaarnetwerk, kombuise, wasgeriewe en sentrale ontspanningsareas.

Die ontwikkeling bied ook uitstekende beleggingsvoordele. Eenhede kan vir enige getal jare, tot soveel as 40, gekoop word en is verhandelbaar. Academia Eiendomsadministrasie hanteer onderverhuur namens beleggers.

Vir meer inligting oor Academia skakel (021) 887-1260, faks (021) 887-1261, stuur e-pos aan academia@syfin.co.za of besoek die webtuiste www.academia.co.za



Volledige, toegeruste en gemeubileerde wooneenhede op kampus met uitstekende sekuriteit en veilige parkering.

Privaatbadkamers, kombuisfasiliteite, ontspanningsareas, individuele studeerareas gekoppel aan die rekenaarnetwerk van die US.

FASE TWEE

B e s k i k b a a r v i r 2 0 0 2



**“DIE
INTELLIGENTE
KEUSE”**



ACADEMIA

Navrae: Tel (021) 887-1260 Faks (021) 887-1261
Epos: academia@syfin.co.za Webtuiste: www.academia.co.za

SYFIN
PROPERTY DEVELOPERS



'n Kosbare SKAT ONTSLUIT

Een van Afrikaans se mees geliefde skryfsters, **Audrey Blignault**, se volledige dokumenteversameling is nou vir navorsing in die Universiteitsbiblioteek beskikbaar.



In Julie vanjaar, kort ná haar 85ste verjaardag, het prof Andreas van Wyk, rektor en visekanselier, 'n eksemplaar van die katalogus in vier dele waarmee die dokumentversameling ontsluit word, aan Audrey Blignault, oftewel dr Audrey de Villiers, oorhandig.

Die versameling van meer as 13 300 stukke bevat onder meer dagboeke, briewe, radiopraatjies, toesprake en al die manuskripte van Audrey Blignault se 134 essays, asook sowat 8 000 boeke – waaronder die eerste een wat sy besit het.

Sy het met die oorhandiging in die JS Gericke Biblioteek gesê sy het nie om erkenning geskryf nie, maar "omdat ek so lief is vir skryf."

Dit het die biblioteekpersoneellede sowat twee en 'n half jaar geneem om die versameling volledig te dokumenteer en te orden sodat dit maklik vir navorsing gebruik kan word. In die biblioteek is dokumenteversamelings van die meeste

belangrike Afrikaanse skrywers en digters soos CJ Langenhoven, DJ Opperman, NP van Wyk Louw, WEG Louw, Uys Krige, Eitemal en talle ander vir navorsing beskikbaar.

Audrey Blignault het in 1938 'n meestersgraad met lof oor die Afrikaanse poësie op Stellenbosch verwerf. Sy het haar grade asook SOD en 'n diploma in drama en toneelkuns alles met lof behaal. Oor baie jare het sy bydraes geskryf vir onder meer die SAUK se Vrouerubriek en die tydskrif *Sarie* (destyds *Sarie Marais*). As skrywer sedert 1950 het sy veral naam gemaak as kenner van die essay. Naas CJ Langenhoven is sy die belangrikste Afrikaanse skrywer wat dié gesofistikeerde genre laat slaag het.

Blignault was dekades lank met leeskringe gemoeid en het selfs 'n gids hiervoor geskryf. "As Langenhoven sy mense aan die lees gekry het, het Audrey Blignault gesorg dat hulle aan die lees bly,"

DOKUMENTEVERSAMELING VEREWIG: Dr Audrey (Blignault) de Villiers met 'n eksemplaar van die katalogus oor haar volledige dokumenteversameling.

OUDMATIES EN BEKROONDE SKRYWERS: Audrey Blignault (middel) saam met Elsa Joubert en Hennie Aucamp.

VAN KLEINTYD AF: Audrey Blignault se eerste boek, *The wonder book for children* (naasregs) waaruit haar ma vir haar voorgelees het en (heel regs) haar *ex libris* voor in elkeen van haar boeke.

sê Hennie Aucamp in die voorwoord van haar bundel *Die eindelose avontuur* (1992).

Dr Hennie Aucamp en Elsa Joubert, Oudmaties wat albei ook eredoktorsgrade van die Universiteit gekry het vir hul bydraes tot die Afrikaanse letterkunde, was onder die gaste wat saam met Audrey Blignault en haar man die funksie in die Universiteitsbiblioteek bygewoon het. ■

Stellenbosch móét "haar rechterhand" onthou

Op 20 Maart 1915, kort voor sy dood, teken Jannie Marais sy testament.

Dit het die bedrag bevat wat die regering destyds vereis het om nie die Victoria Kollege by Grootte Schuur in te lyf nie. Dié handtekening was in wese die begin van ons Universiteit.

"Ik zal doen wat in my vermoogen is om den roem van Stellenbosch als schitterend middenpunt der Zuid-Afrikaanse opvoeding te handhaven" – woorde van Johannes Henoeh (Jannie) Marais. En hoe het hy nie geslaag nie!

In sy testament, geteken skaars twee maande voor sy dood, het Jannie Marais £100 000 nagelaat vir die totstandkoming van die Universiteit van Stellenbosch: "hierna genoemd 'de Hoofdsom', en na my dood bekend te staan als 'Het Jan Marais Fonds'."

Die testament het egter bepaal dat die hoofsom van £100 000 (in vandag se terme R17,2 miljoen) "onaangetast moeten blijven en alleen de renten daarvan zullen worden besteed." Dit het meegebring dat in die vroeë tagtigerjare die hoofsom steeds net R200 000 was. Die trustees het toe 'n hofbevel aangevra en is in 1985 toegelaat om in aandele te belê. Vandag is die fonds reeds R2 miljoen werd.

Jannie Marais was besonder lief vir Stellenbosch, waar hy op 8 September 1851 op die plaas Coetzenburg gebore is. En vir hoër onderwys – wat merkwaardig

Die Universiteit van Stellenbosch het eintlik sy ontstaan in 1918 te danke gehad aan 'n merkwaardige man. **Deur Mike de Vries**



'N MAN MET VISIE: 'n Skildery van Jannie Marais wat lank ná sy dood gemaak is.

is, want hy het self nooit hoër onderwys in die gewone sin van die woord ontvang het nie. Nog 'n liefde was Afrikaans. Hy en twee van sy broers, Christiaan en Frikkie, wou Hollands en sy nuwe afstameling, Afrikaans, sien gedy. In 1895 gee hulle medaljes vir prestasie in Hollands aan studente wat aan die Victoria Kollege, die Universiteit se voorloper,

studeer. Dié toekenning is in 1898 omskep in beurse en word in 1902 'n leningsfonds.

Hulle stort altesaam £70 000 in dié leningsfonds vir "arm Afrika-

nerseuns". Volgens die Buro vir Ekonomiese Onderzoek bedra dit soveel soos R19,25 miljoen vandag.

Wat Afrikaans betref, meld die testament uitdruklik: "ter bevordering van het hoger onderwijs... door middel van die hollandse taal in zijn beide vormen (dat wil zeggen Afrikaans zowel als Nederlands) en... geen mindere plaats dan de andere officiële landstaal zal innemen."

In 1917 is besluit dat die fonds 25% van die salarisse van sekere professore aan die Victoria Kollege sal dra, mits minstens die helfte van dié professore se lesings in Hollands of Afrikaans geskied. 'n Hele aantal leerstoele word so ondersteun: Romeins-Hollandse Reg, Aardrykskunde, Hollands, Geskiedenis en Staatshuishoudkunde.

In 1919 nader die trustees die digter Jan FE Cilliers om 'n aantal lesings oor Letterkunde en Letterkundige Estetiek op Stellenbosch te gee, en in 1920 word hy buitengewone professor in Hollands en Afrikaanse Letterkunde en Letterkundige Estetiek, gedra deur Het Jan Marais Fonds.

Diamantsoeker

Die lewe van Jannie Marais lees soos 'n avontuurverhaal. Op 19-jarige ouder-

dom besluit hy in Augustus 1870 om saam met drie van sy broers, Pieter, Abraham en Christiaan, hul geluk op die diamantdelwerye te gaan beproef. By Gongong aan die Vaalrivier sou hulle in vennootskap met ene Neethling en ene van der Poel gaan, maar Neethling het, nadat hy die eerste diamant (7 karaat) gevind het, al die kleims vir homself afgepen. Christiaan het egter vasgestel dat daar op die laagste en natste punt nog 'n kleim van 15 vierkante voet oorgebly het en daar het hulle begin delf. Omdat dit spoeldiamante was, het dit in hierdie laagliggende kolletjie beland en was hulle kleim die suksesvolste van almal!

Na 'n jaar vertrek hulle na New Rush, die latere Kimberley. Hier het hulle kleims gekoop en spoedig soveel mense in diens gehad dat hulle 20 opsigters moes aanstel.

In 1891 keer Jannie terug na Stellenbosch en in 1892 koop hy en sy broer, Frikkie, die plaas Coetzenburg van hul moeder. (Sy broer se deel het hy later uitgekoop.) Hier vestig hy hom as boer en sakeman en as gemeenskapsleier.

Spoedig was hy direkteur van die Lion Distillery by Vlottenburg, die Malmesbury Voogdy- en Assuransiematskappy en die Stellenbosse Distriksbank (wat in 1882 gestig is en wat Jannie by meer as een geleentheid van ondergang gered het deur meer aandele op te neem); lid van die Stellenbosse Hospitaalraad en die Afdelingsraad van Stellenbosch; en van 1899 verteenwoordig hy Stellenbosch in die Kaapse Wetgewende Vergadering. By Uniewording in 1910 word hy Stellenbosch se eerste LV in die nuwe Volksraad.

In die latere jare word hy ook lid van die Raad van die Victoria Kollege.

Die ontstaan van die Nasionale Pers en sy eerste publikasie, *De Burger*, sou waarskynlik ook nie moontlik gewees het



TERUG IN DIE VERLEDE: Jannie Marais en sy vrou (bo links), sy standbeeld by die Universiteitsbiblioteek en die plaasopstal op Coetzenburg (links) vandag die Sportburo (regs).

sonder die finansiële steun van Jannie Marais nie.

Jannie Marais sterf op 30 Mei 1915 te Montagu en word op Stellenbosch begrawe.

Bemakings

Die bemakings in sy testament was 'n bevestiging van sy voorliefdes: Stellenbosch, Afrikaans en die kerk. Die grootste bemakings (behalwe dié vir familie) was:

- £100 000 vir die totstandkoming van die US;
- £10 000 aan die Stellenbosse Munisipaliteit vir die bou van 'n stadsaal;
- £10 000 aan die Stellenbosse Munisipaliteit vir die inrig van 'n park – die bekende Jan Marais Natuurreservaat.
- £12 000 aan die NG Kerk van Stellenbosch – vandag die Moedergemeente;
- £12 000 aan die Kweekskool;
- £3 000 aan die Instituut vir Dowes en Blindes op Worcester; en

■ £3 000 aan die Victoria Memorial Cottage Hospitaal op Stellenbosch.

Die restant van die boedel is gestort in 'n trust, die Het Jan Marais Nasionale Fonds. Dié fonds het in die afgelope vyf jaar sowat R16 miljoen uitgekeer – waarvan net R1,5 miljoen buite Stellenbosch bestee is.

In sy huldigsrede by Jannie Marais se begrafnis sê prof JI Marais, wat in 1918 die eerste kanselier van die nuwe Universiteit sou word: "Stellenbosch zou haar rechterhand moeten vergeten als zij vergeten zou wat Jan Marais voor haar was."

■ *Prof Mike de Vries is visepresident van die Konvokasie, voormalige rektor en visekanselier en voorsitter van die Het Jan Marais Fonds en die Het Jan Marais Nasionale Fonds. Dié artikel is 'n verkorte weergawe van 'n voordrag wat hy voor die Konvokasie se onlangse jaarvergadering aangebied het.*

For the third year in a row, Stellenbosch University has had a significant lead on all other South African institutions in research partnerships with industry.

RESEARCH LEADER attracts huge allocation

The university attracted R61,8 million – more than 20% of the total and R23 million more than the second taker of this joint industry and government research initiative. It was the top taker again in the latest Technology and Human Resources for Industry Programme (Thrip).

According to the programme's annual report for 2000 presented in September this year by National Research Foundation (NRF) president, Dr Khotso Mokhele, Stellenbosch attracted R61,8 million of the close to R300 million provided by a variety of industrial partners and supplemented by government through the Thrip programme.

Stellenbosch obtained 184 industrial grants from 146 South African and overseas private sector companies for 72 research projects, conducted by 48 project leaders in the faculties of science, agricultural and forestry sciences, engineering and health sciences.

The largest single allocation, almost R10 million, went to a project on polymeric materials, conducted under the leadership of Prof. Ron Sanderson. He heads the polymer science institute, which includes a Unesco-associated centre for macromolecules and materials. The industrial engineering institute received more than R6 million.

Other large projects that each attracted several million rands include the development and production of an HIV vaccine; competitive horticulture; microwave components; motor engine development technology; a diesel engine upgrade programme; the genetic improvement of wine yeast strains and of grapevine cultivars; high-power electronic converters; and (in agricultural sciences) the improvement of aquaculture enterprises and of meat quality and processing.

The notorious brain drain from our universities is fuelled in part by the luring promises of research funding elsewhere in the world. South Africa's research money gets scarcer as government struggles to provide everyone with a minimal living standard.

PLUGGING THE BRAIN DRAIN

South Africa still leads the world in some areas of research, and some companies have proved that their skills and management can compete with the world's best.

The state must play a role to encourage private sector investment and stimulate collaboration between industry and research. For over a decade, government and its predecessors have developed a system to exploit SA's ingenuity and resourcefulness: the Thrip programme that brings together industry, academia and research organisations – by providing matching funding for approved projects.

Less than half of the total funding comes from government, i.e. from the Department of Trade and Industry (DTI) and allocated in collaboration with the NRF. The balance of the money comes from SA and overseas business partners, which more than match state funding. New or improved products, services and processes are crucial to South Africa's economic development and increased global competitiveness, wrote Trade and Industry minister, Alec Erwin, in the annual report.

TOP 10 TAKERS OF THRIP FUNDING IN 2000

Organisation	Combined industry & DTI funding (in millions of rands)
Stellenbosch University	61,8
University of Pretoria	38,5
Potchefstroom University	36,8
CSIR	35,7
University of Cape Town	29,9
University of Natal	16,4
University of the Witwatersrand	12,8
Free State Technicon	10,7
Rhodes University	7,9
University of the Western Cape	6,1

Good vibrations

He slips an innocuous-looking yellow glove onto his hand, grips the handle on the shaker, and explains his research on body vibration.



"Think of the mining industry where people are working with pneumatic drills chipping rock, or riveters where there is a continuous and unremitting vibration to a section of the body." Wearing PVC or pigskin gloves does little to reduce the shock, and the damage is accumulative and incremental, ranging from Carpal Tunnel Syndrome to gangrene and secondary Raynaud's Disease, where sensation and colour are lost in the fingers.

Prof. Wikus van Niekerk (Mechanical Engineering) and core-researcher Elsjaebe Sampson have been working on body vibration projects – this one measuring the transmissibility of antivibration gloves. The handle of the shaker (which looks something like a large speaker) mimics the repetitive movement a drill might cause, and the glove contains numerous little air bubbles inflated by a coin-sized pump.

"Normally dexterity is lost when wearing gloves," Van Niekerk said, but the pair he holds causes almost no discernable reduction of dexterity. By using a small probe between the glove and the hand, a comparative analysis of the shock ratio and vibration is made before and after the inflation of the gloves, and the attenuation of the impact on the body is measured.

Although the mining industry is one of the first industrial applications that comes to mind, this research extrapolates to numerous other contexts. "These gloves are even finding a market with the Harley Davidson bike riders!" he says.

COPY: CAROLYN FROST

Two post-graduate Maties have undertaken a daunting task – examining the potential for revegetation of indigenous plants amidst the devastation caused by mining activities on the Namaqualand coast.

NURTURING NAMAQUALAND

Kirsten Mahood (below left) and Anel Schmidt, both MSc students in Conservation Ecology at the University, have been researching the capacity for the predominantly succulent vegetation to be reintroduced within a certain time frame after the soil has been mined for minerals. Mining companies face strict regulations regarding the replenishment of topsoil. The Department of Mineral and Energy Affairs stipulates that the topsoil has to be replaced after the mineral extraction process is completed.

Working closely with Prof. Sue Milton, the two students have established that soil fertility decreases with time when soil is stored. If the mining companies act quickly and proactively, the total decimation of indigenous vegetation in the area can be reduced.

Succulents have a robust nature and store water and food

in their leaves. They have a remarkable tenacity for survival. Stating her unequivocal support of the National Environmental Management Act of 1998, Milton said that it required environmental accountability from mines. Mines need to return vegetation to the premining condition and need to be discouraged to introduce alien species to re-establish ground cover.

As an added incentive, the area is frequented by tourists, creating a need for aesthetic maintenance of the region. The process of revegetation is labour intensive rather than mechanical which in turn has implications for job creation. Mining companies like Anglo American/West Coast Operations and BPB Gypsum have supported the research initiatives, and in addition to the Thrip funding, the department has received bursaries from these companies.



MIX A BIT OF MATHS, SOME NATURAL LAWS...

Pyrometallurgical processing forms the foundation of nearly all metal extraction processes. Jacques Eksteen, a researcher and senior lecturer in the University's chemical engineering department, has been working with colleagues on the optimisation of pyrometallurgical processes that are in development or in production in Southern Africa.

"We try to characterise the metallurgical phenomenon inside furnaces using a combination of physical (cold) models, miniature high temperature models, computer models and empirical models based on industrial process data," Eksteen explains. Expensive equipment and technology are used. The DC Plasma Arc Furnace for example can produce a core temperature of up to 20 000°C.

The tube inside a tube furnace (a typical piece of equipment in a pyrometallurgical laboratory) costs R18 000 to replace, and crucibles may cost thousands of rands, depending on the material used. The implications for mining in South Africa and elsewhere in the world are vast, because if these projects can lead to enhanced efficiency for the extraction of metals from ore, the cost of production will drop and the system will increase profitability.

"Everything is about separating and refining," says Emile Scheepers, a master's student and coresearcher on the project. He says that the goal is to automate mining.

"We focus on software models to predict chemical and metal outcomes of furnaces and develop control systems, and mathematical and physical models to predict these outcomes," says Eksteen. Supported by Thrip funds and sponsored by companies like Anglo Platinum, Crusader Systems, Anglovaal Mining, Lonrho Platinum, Mintek, The Nuclear Energy Corporation, Anglo American, as well as by other tertiary institutions in the region, projects like these offer new insight into mining strategies and the development of new prototypes of equipment and software.

Eksteen ascribes labour difficulties in South Africa to high turnover and a number of social and economic factors, like HIV, TB, strikes and retrenchments. He says operating staff need to be advised what to do under any given set of circumstances they might encounter. Additionally, ores are complex in nature, and systems need to be adapted to changing input.

The pyrometallurgical laboratory is a regional facility that is operated under the auspices of the Western Cape Mineral Processing Facility, a joint venture between the departments of chemical engineering of the University of Stellenbosch, the University of Cape Town and the Cape Technicon.

"We take natural laws, and put them into abstract maths and implement them on a computer in the form of software," he says. As long as they're doing the maths...



SWEET SUCCESS

Research at the Institute for Plant Biotechnology is yielding unparalleled fruits. **Frikkie Botha**, or sugar guru as he is known around here, had been looking for "a magic gene in sugar cane."

THE PROOF LIES IN THE PRODUCT...

The SA fruit and flower industries are major foreign export earners and obvious potential export growth areas. Creating the technology to keep our products competitive in the demanding overseas market is the focus of a programme headed by **Prof. Karen Theron**.

The horticultural science department looks at improving local horticultural products. Through Thrip this research team has obtained a substantial award which will ensure the transfer of skills and provision of information to as many postgraduate students as possible.

Research includes industry-related issues like production methods, yield per hectare, quality of fruit, size, shape and colour, harvesting times, storage, shelf life and transportation to markets. Consumers of fruit are fussy, demanding high aesthetic standards for fruit. For example, a ton of pears not manifesting the characteristic bicolour

expected of the fruit can drop in value from R3 000 to R300. However, Theron says there is a shift in consumer perception. Although the visual impact is still

predominant, the demands for flavour have increased significantly.

Theron's department is also attempting to improve the way proteas and fynbos are grown, harvested and transported. There is a thriving market for fynbos internationally, but commercial farmers are faced with numerous problems.

One of the most pressing is leaf blackening when the flower has been picked. The flowerhead still produces nectar when it opens in the vase, drawing its carbohydrates from the leaves and depleting them. Mechanisms to resolve this problem are being investigated, and recently a significant breakthrough was made by Prof. Gerard Jacobs by using glucose in the water.

Continued research will ensure that South African flowers will become an important means of generating cash while at the same time remaining the pride of our countryside.

Consumers of fruit are fussy, demanding high aesthetic standards for fruit.

Professor Botha's research was based on the fact that sugar yields had reached a plateau during the sixties, with a ceiling crop of about seven tons per hectare. The yield decline hypothesis led to the conclusion that conventional production techniques had been maximised, and the only solution was a quantum leap to genetic engineering, said Botha. And having made that leap, he grins victoriously from the other side, and having introduced new genes from other biological systems, successfully doubled the sucrose

yield. He draws a correlation between an expected rise in average income throughout Africa and a higher demand for sucrose, explaining that sweetened food items were a prioritised luxury. If commercial growers can obtain more tons per hectare, it would result in a reduced input cost and make them more competitive. South Africa is the 13th largest producer of sugar in the world, the 10th largest exporter, and rates 3rd as the most productive grower. It is grown predominantly in KwaZulu-Natal, but Botha


projects that the industry will be expanding north to Mpumalanga in the near future.

Sugar cane remains one of the biggest agricultural export commodities in the country. There are an estimated 47 000 small growers making a sustainable income and 2 000 big growers. Local varieties are excellent. Just a 2% increase will bring in an extra R500 million towards the industry and growers will benefit from research technology. It looks like a pretty sweet deal for all.



ALTYD NÓG IETS om te oorwin...

"Daar's 'n bietjie avontuurlus in elke mens," sê **Mike Horn**, 'n 35-jarige Oudmatie wat in alternatiewe sport wêreldroem verwerf het. "Elke mens het die vermoë om uit sy gemaksones te kom, om iets nuuts aan te pak."



Hy is die eerste mens wat 'n alleenreis van 40 200 km sonder motorgedrewe vervoer naby die ewenaar langs om die aarde voltooi het. Vir dié prestasie, wat Mike Horn in 1999-2000 altesaam 17 maande geneem het, het hy vroeër vanjaar in Monaco die Laureus toekening ontvang. Dit is alternatiewe sportlui se hoogste eerbewys ter wêreld.

Mike is voorheen as Avonturier van die Jaar vereer nadat hy die eerste mens was wat die hele lengte van die wêreld se langste rivier, die Amasone, geswem het – 'n tog van 7 000 km!

"Iets is net onmoontlik omdat 'n mens dit nie probeer moontlik maak nie," het hy

onlangs in 'n motiveringspraatjie vir studente van die Departement Sportwetenskap gesê. Mike het in dié departement (voorheen Menslike Bewegingskunde) op Stellenbosch afgestudeer.

Ná sy studies het hy 'n kort tydjie in Suid-Afrika gewerk, maar wou ontsnap aan die verveling van 'n alledaagse, kantoorgebonde bestaan. Hy het sy motor en ander besittings weggee en is impulsief per vliegtuig Europa toe. Switserland was die enigste plek waar hy tydelik sonder 'n visum toegelaat is. Daar het hy, sonder dat hy dit so beplan het, "vasgehaak" nadat hy inderhaas leer ski het en toe onverwags 'n aanbod gekry het om 'n ski-oord te bestuur.

Elke oggend het hy vir homself gesê hy kán dit regkry en elke aand het hy hom gelukkig gewens met wat hy bereik het.

Nadat hy avontuurekspedisies begin onderneem het en 'n rol in 'n aksiedokumentêre rolprent aangebied is, het hy so bekend geword dat 'n sporthorlosie-vervaardiger hom begin borg het. Borgskappe stel Mike steeds in staat om sy verbeeldingryke avontuurtogte te onderneem.

Sy ekspedisies word baie deeglik



"Dis hemels om vry te wees en te doen waarvan

beplan. 'n Span helpers bly in telefoon- en satellietverbinding met hom. Hy waag nie kans nie. "Jy moet altyd wakker wees, voorbereid wees, vooruitdink. En jy moet jou liggaam ken en saam met die vloei daarvan kan beweeg."

Mike het in die afgelope jare veral in Europa baie bekend geword. "Dis net in Suid-Afrika waar die mense blykbaar nie van my weet nie," het hy geskerts toe hy onlangs op besoek aan sy tuisland was om motiveringspraatjies aan te bied.


Hy woon die afgelope twaalf jaar al in Switserland, is getroud met 'n Nieu-Seelandse verpleegster, Cathy Gillman, en hulle het twee dogters (8 en 6 jaar). Die veilige Switserse bergdorpie waar die Horns woon, is eintlik net die tuisbasis vir iemand wat voortdurend die onbereikbare probeer verken. "Maar ek sal altyd 'n


trotse Suid-Afrikaner bly," sê Mike, wat steeds sy Suid-Afrikaanse paspoort gebruik.

Om gestand te doen aan sy filosofie dat die wêreld nie grense het nie, beplan Mike reeds sy volgende avontuurtog. In Februarie 2002 gaan hy om die Noordpool begin stap!

Die ekspedisie waarvoor hy die Laureus toekening gekry het, het Latitude 0° geheet. Die ewenaar strek oor drie oseane, oor die Amasone-oerwoud en Andesberge in Suid-Amerika, die Indonesiese eilande Sumatra en Borneo waar hy deur nog oerwoude moes beur en die Afrikalande Somalië, Kenia, Uganda en die oorloggeteisterde Kongo.

Daar was ses skofte: Van Gaboen in Wes-Afrika oor die Atlantiese Oseaan met 'n drierompseiljag (736 km); te voet en





jy regtig hou. Party mense dink ek is gek om sulke dinge aan te durf."

met 'n boot en 'n fiets (3 626 km) oor die Suid-Amerikaanse vasteland (deur die Amasonewoude en oor die Andesberge) na die Stille Oseaan; die derde skof (16 911 km) weer per seiljag oor dié oseaan na Indonesië; daarna 2 220 km te voet en per seiljag oor verskeie Indonesiese eilande; die vyfde skof oor die Indiese Oseaan en van Sumatra oor die Maldive-eilande na Kenia (6 322 km) en die laaste skof, te voet en per fiets, boot en kano oor Afrika, van Kenia tot by sy oorspronklike beginpunt in Gaboen, Wes-Afrika.

Horn het vir dié avontuurtoeg binne 25 km van die ewenaar probeer bly – waar vorige avonturiers se roetes om die ewenaar dikwels ver noord en suid daarvan daan afgewyk het. Slegs oorloë in Afrika en gevaarlike inboorlingreservate in die Amasone het hom gedwing om enkele

kere van sy roete af te wyk. Sy logistiese ondersteuningspan het hom aan die einde van elke skof ingewag en toegerus vir die volgende een.

Meer as een keer was hy in lewensgevaar: tydelike blindheid ná 'n slangbyt in die Amasone en benoude oomblikke voor 'n Kongolese vuurpeloton (waar hy net betyds gered is deur die ingryping van Uganda se president). Dié avontuurtoeg was allermins 'n rustige vakansie. Mike moes die uiterste toestande trotseer – moerasse, woestyne, digte woude, afgeleë gebergtes, storms, die son, tropiese siektes, insekte, slange en ander wilde diere, eensaamheid, uitputting, honger en dors. Hy sê die alleenwees was vir hom die ergste, al was hy soms tussen mense en al kon hy gereeld met sy gesin oor die selfoon praat.

By tye het hy gevoel asof hy in 'n tunnel was, sonder lig aan die einde. Elke oggend het hy vir homself gesê hy kán dit regkry en elke aand het hy hom gelukkig gewens met wat hy bereik het.

Voor elke ekspedisie het mense gesê dis onmoontlik, dit kan nie slaag nie. "Maar probeer net eers! Moenie huiwer nie! Ons het elkeen 'n bietjie avontuurlus in ons," sê Mike. "Elke mens het die vermoë om uit sy gemaksonne los te kom, om iets nuuts aan te pak."

In Europa praat mense van die Amasone as die groen hel. "Vir my was dit hemels. Dis hemels om vry te wees en te doen waarvan jy regtig hou," sê Mike. "Party mense dink ek is gek om sulke dinge aan te durf. Ek dink weer hulle is gek om elke dag met 'n das om die nek kantoor toe te gaan!"

Beste Professor

MBA-studente aan 'n internasionaal bekende sakeskool het prof Willie Esterhuysen aangewys as Professor van die Jaar.

Die Universiteit van Nyenrode in Nederland, wat eintlik 'n sakeskool is maar universiteitstatus geniet, se MBA-studente (modulêr) het vroeër vanjaar aan die Universiteit se Nagraadse Bestuurskool (USB) in Bellville klasgeloop waar prof Esterhuysen in Sake-etiek doseer.

Hulle het in die loop van die jaar ook lesings aan verskeie ander sakeskole bygewoon – onder meer in die VSA – en toe besluit om Esterhuysen aan te wys as Professor van die Jaar vir 2000-2001.


Esterhuysen is gekies op grond van die feit dat hulle hom uiters woordvaardig gevind het en dat sy lesings stimulerend en op 'n hoë kundigheidsvlak aangebied is.

Nyenrode het dié verering op sy onlangse gradeplegtigheid bekend gemaak. Esterhuysen kon nie daar wees nie en het op

Nyenrode se versoek sy aanvaardingstoespraak vir hulle op videoband vasgelê.

Daarin bedank hy die Nederlandse studente vir die uitstekende wyse waarop hulle hul studiemateriaal aangebied het en vir hulle werkopdragte wat met sorg en geesdrif aangepak en uitgevoer is. "Julle het my op my tone gehou en dit was louere plesier om julle werkopdragte te lees. Julle het daartoe bygedra om Sake-etiek as een van die kernkursusse aan die Stellenbosse sakeskool te vestig en ek dank julle daarvoor," het hy op die videoband gesê.

Nyenrode is wêreldwyd bekend vir die gehalte van sy bestuursprogramme en handhaaf noue bande met nasionale en internasionale sakegemeenskappe. Dit is in 1946 as sakeskool op die been gebring deur befondsing uit die sakegemeenskap. Dit is



Nederland se enigste privaat universiteit en het universiteitstatus sedert 1982. MBA-studente uit sowat 20 lande studeer jaarliks daar.

Sedert 1985 bied Nyenrode 'n uitvoerende MBA-program aan in samewerking met een van Amerika se voorste universiteite, die Universiteit van Rochester. 'n Internasionale modulêre MBA-program word ook in samewerking met Kellogg-Universiteit in die VSA aangebied.




TEOLOOG GROET POUS IN AFRIKAANS

'n Oudiënsie met die pous in die Vatikaanstad in Rome is 'n eer wat bitter min Stellenbosse akademici nog te beurt geval het. Pous Johannes Paulus II word hier gegroet deur prof Pieter Coertzen, hoof van die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie, onderwyl die aartsbiskop van Pretoria, biskop George Daniel, toekyk. Coertzen, wat ook aktuaris in die moderatuur van die NG Kerk se algemene sinode is, het Rome onlangs op 'n ekumeniese toer saam met nog 20 ander kerklui van verskillende denominasies besoek. Hy het sy groete in Afrikaans oorgedra – 'n taal wat die pous klaarblyklik verstaan aangesien hy onder meer in Nederland gestudeer het. Die groep het gesprek gevoer met die Rooms-Katolieke Kerk se kommissies vir kerkeenheid en interreligieusegesprek. Hulle het ook die St Egidius Gemeenskap besoek, 'n orde van jong mense van dié kerk wat barmhartigheidsdiens lewer.

Akademie vereer navorsers van faam

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het vanjaar 'n professor in plantpatologie aan die Universiteit en twee afgetrede dosente (in teologie en in geskiedenis) bekroon.


Prof Pedro Crous van die Departement Plantpatologie, wie se navorsing interna-



sionale aansien geniet, is met die Havengaprys vir biologiese wetenskappe vereer. Dié prys is verlede jaar aan prof Adri van der Walt, 'n oudprofessor van die Departement Botanie, toegeken. Prof Willie Jonker, professor emeritus in teologie en een van Suid-Afrika se bekendste teoloë, was die wenner van die NP van Wyk Louw medalje.

Dr Jan Visagie (foto links), afgetrede dosent in geskiedenis, het die DF du Toit-Malherbe prys vir genealogiese navorsing gekry – vir sy volgehoue bydraes tot genealogie en veral vir sy publikasie *Voortrekkerstamouers 1835-1845*. Visagie was van 1972 tot 1996 aan die Departement Geskiedenis verbonde en was van 1997 tot einde 1998 die Universiteit se eerste argivaris.

Dié toekennings is in Oktober op Stellenbosch oorhandig op die Akademie se tweede bekroningsplegtigheid vanjaar vir prysweners uit die suide.



A POSTER WITH A DIFFERENCE

At the recent XXXII Colloquium Spectroscopicum Internationale held in Pretoria, Sibusiso Mtongana, an MSc student in chemistry under Prof. Klaus Koch, won a certificate of excellence for the most outstanding poster in one session at the Colloquium. Mtongana won R500. He is a graduate of UCT where he obtained BSc and BSc(Hons).

Worldspace satellite reaches heart of Africa

The University's NetAct project (Network for African Congregational Theology) is a role model for many others in Africa, says **Prof. Jurgens Hendriks**, the project leader.

Making education accessible in Africa is one of the highest priorities of Worldspace, who donated a satellite receiver and free airtime to NetAct. This donation facilitates satellite-based multimedia information and audio broadcasting to African countries, making it available via cost-effective technology solutions.

NetAct's origins lie in the historical links between the Faculty of Theology and its sister schools in Kenya, Zambia, Zimbabwe, Malawi, Mozambique and Namibia. Lecturers and pastors from these countries do postgraduate work at Stellenbosch, and the need for more academic cooperation and stronger ties emerged.

The network aims at leadership development by way of upgrading the academic standards of all schools in the network and developing research capabilities. The schools should then act as resource centres to address the problems highlighted by the HIV/AIDS pandemic. The emphasis is also on being able to deliver education to Africa in a cost-

effective way.

Additionally, Stellenbosch University is focused on deploying a large number of its postgraduate, graduate and certificate studies to many other African countries, particularly countries in Southern Africa. The goal is to have approximately five satellite campuses and telecentres established by the end of 2001 – to "establish a wider footprint and to strengthen relations with other academic or educational institutions in Africa," says Hendriks.

There are 64 postgraduate African theology students and the Faculty relies heavily on donations. So far they have received more than one million rand.

In order to raise academic standards and to be exposed to the situation in Africa, a programme has been developed where Stellenbosch Faculty staff members teach at the other schools on a regular basis offering their facilities for postgraduate studies and research, says Hendriks.

Drie klasdae word in Februarie gewen en die karnaval gaan agter die rug wees nog voordat die Maties begin klasdraf – 'n nuwe benadering vir 'n nuwe era.

MEER LEER, minder speel

Vanaf 2002 verander die akademiese jaarprogram ingrypend. Die klem val op eerstejaars se akademiese inskakeling en op die vestiging van 'n akademiese leerkultuur.

Die eerstejaars begin al op Dinsdag 29 Januarie, sowat 'n week vroeër as vorige jare. Die universiteit se amptelike opening is op 30 Januarie. Ook die seniors se registrasiedatums is vroeër as voorheen, van Woensdag 6 tot Vrydag 8 Februarie. Die karnaval is vervroeg tot Saterdag 9 Februarie en die lesings begin op Maandag 11 Februarie. Die eerste en tweede semester sal nou ewe veel klasdae hê.

Die verwelkomingsprogram vir nuwelingstudente duur tot 7 Februarie. Dit gaan sewe programdae insluit, teenoor die vorige jare se vyf.

Eerstejaars se akademiese en sosiale inskakeling sal geskoei wees op die universiteit se eie Alfa-program (Akademiese Leiding en Fasilitering vir Aanpassing). Dit bestaan uit twee onderdele, nl. Alfa 1, wat op akademiese leiding gerig is en Alfa 2, vir die nuweling se aanpassing by sosiale bedrywighede, sport asook institusionele inskakeling.

Alfa 1 is uitgebrei om ook sekere

lewensvaardighede te ontwikkel wat die eerstejaar kan help om die begin van die akademiese jaar geslaagd te hanteer. Dit sluit in sensitisering oor menseregte, seksualiteit (ook MIV/vigs), die misbruik van alkohol- en ander verslawende middels, asook diversiteit en kruiskulturele vaardighede.

Die Alfa program word aangevul deur die Omega program (Ontwikkelingsmeganismes vir Effektiewe Graadafroning). Dit strek oor 'n student se volle studietyd aan die Universiteit.

Die loopbanekantoor van die Universiteit se Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) het die Omega program vir senior studente ontwikkel.

Dr Ludolph Botha, direkteur van akademiese steundienste en voorsitter van die komitee vir die verwelkoming van nuwelingstudente, sê die hele universiteitsgemeenskap moet betrokke wees by die vestiging van 'n gesonder leerkultuur.

"Veral personeellede wat direk met die nuweling werk, moet bedag wees op die Alfa program se belangrikste doelstellings: om eerstejaarstudente optimaal in te skakel, te behou en suksesvol te laat studeer."



'Ons moet iets hieraan doen!'

Prof Andreas van Wyk, rektor en visekanselier, het vroeg vanjaar in die senaat reeds die moontlikheid genoem dat die eerste semester 'n week langer word sodat die eerste klasweek anders benut word.

Dit het gelei tot 'n ondersoekkomitee onder leiding van prof PW van der Walt, dekaan van ingenieurswese. "Ons moet iets hieraan doen!" het 'n omsendbrief gelui wat dié komitee aan dosente en ander personeellede gestuur het om voorstelle te verkry.

Die brief het gemeld dat die hele eerste week van die akademiese jaar ontwrig is – onder meer omdat senior studente klasvrye tye moes hê om te registreer. Dié Vrydag voor karnaval was ook klasvry. "Die studente is nog in 'n vakansiestemming en dit is vir terugkerende studente belangriker om ou vriende op te soek as om agter hulle boeke in te skuif." ■

LEER DINK OM TE DINK AS JY LEER

Die Universiteit het 'n interaktiewe multimedieprogram ontwikkel wat studente begelei om selfgerigte leerders en denkers te word.

LearnWell is die eerste plaaslik ontwikkelde multimedieprogram in studie- en denkvaardighede. Dr Ludolph Botha, direkteur: akademiese steundienste, prof Charl Cilliers, die sentrum vir studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) se direkteur, en dr Alten du Plessis van die afdeling bestuursinligting het dit ontwikkel.

LearnWell is daarop gemik om studente individueel te begelei om werklik selfgerigte leerders en onafhanklike denkers te word wat besef 'n student moet leer om te dink en dink om te leer. Daar is sowat 20 tot 24 uur se interaktiewe materiaal met talle internetskakels wat na verwante en ondersteunende inligting lei.

LearnWell het vyf modules en 'n speletjie, Quest. Die eerste module (SelfWell) gaan oor selfkennis en maak studente onder meer bewus van hul eie vermoëns. Die tweede module (ThinkWell) handel oor denkvaardighede en is doelbewus toegespits op dié wat by studievaardighede aansluit.

Die derde module (StudyWell) dek studievaardighede. Die vierde module (ExamWell) bekyk toets- en eksamenvaardighede en die vyfde module (IntegrateWell) is gerig op die sinvolle integrasie van die onderskeie vaardighede om inligting-oordrag moontlik te maak.

LearnWell is in Engels ontwikkel, want instansies buite die Universiteit wat ontwikkelingswerk borg, vereis dit. Dit is ook vir 'n groter teikengroep toeganklik.

Die program, waarvan 'n proefweergawe reeds sedert April op die Universiteit se intranet beskikbaar is, is gratis aan alle studente beskikbaar. Toegang word verkry deur by die SSVO te registreer waar 'n wagwoord bekom word.

Omdat LearnWell se huidige weergawe as 'n proefweergawe beskou word, verwelkom die samestellers terugvoering daarvoor. Die program is beslis nie net gemik op diegene met studieprobleme nie, maar op enigiemand wat graag doeltreffender wil dink of studeer of meer potensiaal wil ontsluit. ■

Verwelkoming nie inlywing nie, sê nuwe rektor

Die Universiteit moet doelbewus nuwelingetuis laat voel – op 'n ordentlike en gasvrye manier.



FOTO: ANTON JORDAAN

“Die Universiteit, en ek self, is gekant teen enige aktiwiteite, hoe goed ook al bedoel, wat nuwelingetuis laat voel – op 'n ordentlike en gasvrye manier.”

Só skryf prof Chris Brink, aangewese rektor en visekanselier, in die verwelkomingsprogram vir 2002 se nuwelingestudente, wat onlangs aan hulle gepos is.

“As een nuweling op Stellenbosch aan 'n ander – hartlik welkom hier!” sê Brink voorin die program.

Hy sê hy sien, soos die eerstejaars, uit na sy aankoms en vestiging op Stellenbosch. Soos hulle, het hy in sy nuwe pos “baie hoop en verwagtinge oor wat my werk en verblyf hier vir my en vir ander kan beteken.”

“Die Universiteit is 'n leerskool, nie alleen in die sin van kennisoordrag nie, maar ook in die sin van lewenservaring opdoen. Om ten beste

te leer, moet mens jou omgewing ken – die mense daarin, die verwagtinge wat jy self en andere aan jou stel en die midde waarmee jy aan hierdie verwagtinge kan voldoen.”

Hy beskryf verwelkoming as 'n gestruktureerde program van akademiese leiding en fasilitering om nuwelingetuis vriendelik en doeltreffend by hul nuwe omgewing te help aanpas.

“Verwelkoming” beteken nie “inlywing” of “ontgroening” nie, skryf Brink vir die eerstejaars. “As jy in enige stadium ongemaklik voel oor enige aktiwiteit wat vir nuwelingetuis gereël word, hetsy op die kampus, in die klas of in die koshuis, sê dan vriendelik ‘nee dankie’ daarvoor – dis jou goeie reg. En laat asseblief die studentesakekantoor weet as jy 'n probleem ervaar, sodat ons met die volgende rondte dié dinge beter kan doen.” ■

SKOOL DOEN BAANBREKERSWERK oor ontwikkeling

Openbare bestuurs- en beplanningsnavorsing waarvoor buitelandse instansies geld bydra, is 'n sprong vorentoe vir die Universiteit. **Leonore van der Walt** het met prof Erwin Schwella gesels.

Die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning doen saam met buitelandse universiteite baanbrekerswerk oor deregulering en mededinging.

Geld vanaf die Britse regering se ontwikkelingsagentskappe maak dit moontlik. Daar word onder meer saamgewerk met die universiteite van Manchester, Ghana, die Filippyne en Morokko.

Die skool se direkteur, prof Erwin Schwella, sê "inspraak deur internasionale ontwikkelingsinstansies soos die Wêreldbank, Internasionale Monetêre Fonds en Afrika Ontwikkelingsbank het nuwe ontwikkelingsmodelle op die tafel geplaas."

Voorheen is aanvaar dat die staat deurlopend betrokke moet wees by die ontwikkeling van die samelewing of die land se welvaart. Deesdae is die standpunt toeneemend dat nie net sekere rolspelers hiervoor verantwoordelik behoort te wees nie – dat verskeie rolspelers soos die private sektor, die burgerlike samelewing en by implikasie kommersiële entiteite soos banke, die plaaslike regering en selfs burgerlike verenigings by ontwikkeling betrek moet word. Die staat behoort steeds 'n belangrike rolspeler te wees, maar moet eerder betrokke wees by fasilitering en beleidmaking as om die ontwikkeling self te dryf.

Die staat het meestal self ontwikkeling aangepak – Yskor, die Poskantoor en Eskom. Die ideaal is dat die staat ontwikkeling fasiliteer en ontwikkelingsgeleent-

hede en infrastruktuur skep sonder om direk by die ontwikkelingsproses betrokke te raak sodat die burgerlike samelewing en die private sektor hul rolle sinvol kan vervul.

Die Universiteit het nou 'n mandaat gekry om saam met ander universiteite navorsing te doen en inligting in te samel en te versprei oor die optimale aanwending van deregulering en mededinging sodat dit nie net tot voordeel van die huidige bevoordeeldes in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika is nie, maar ook 'n bydrae maak om ontwikkeling as geheel aan te moedig en aspekte soos armoede-verligting aan te spreek.

Die navorsingsprojek van vyf jaar het in Februarie vanjaar afgeskop. Dosente en nagraadse studente by die skool word betrek om saam met die Departement van Openbare Ondernemings, instansies soos die Nasionale Besigheidsinisiatief (NBI) en die sakesektor soveel kundigheid as moontlik op te bou sodat 'n behoorlike beleid in werking gestel kan word. Dit moet dan bydra tot kennisontwikkeling en die implementering van toepaslike strategieë op gebiede soos armoede-verligting, infrastruktuurontwikkeling en werkskepping.



Dit is belangrik dat openbare instansies wat privatiseer steeds 'n sosiale verantwoordelikheid nakom en 'n ontwikkelingsrol vervul.

In die proses van privatisering moet eerstens verseker word dat openbare sektormonopolieë nie bloot deur private-sektormonopolieë vervang word nie.

Instansies soos die Poskantoor of Telkom

moet ná privatisering of kommersialisering steeds aan gesonde mededinging blootgestel word. Deregulering gaan dus ook nuwe vorms van regulering noodsaak wat nie soos in die verlede op sterk politiese en burokratiese inmenging neerkom nie, maar openbare belang voorop gaan stel.

Die skool word terselfdertyd in staat gestel om die uitwerking van vennootskappe tussen die private en die openbare sektore na te vors. In Suid-Afrika is heelwat voorbeelde van dié vennootskappe soos die lughawensmaatskappy en plaaslike owerhede.

Die skool sal nog vennootskappe met die private sektor moet aangaan om fondse te genereer. Dit hou die bykomende voordeel in dat kennisvennote só verkry word sodat hul navorsing by die skool s'n ingeleuf kan word. ■

Om te skryf, vorm 'n wesentliche deel van leer, maar is veral belangrik in die weergee van kennis. Prof Leon de Stadler, vertel wat met die US Skryfskool (USS) beoog word.

NUWE SENTRUM HELP STUDENTE SKRYF

Die grootste persentasie van 'n student se beoordeling word gedoen volgens 'n verskeidenheid tekste wat die student moet skryf: van toetse en werkstukke tot tesisse en proefskrifte. Aan enige opvoedkundige instansie wat na hoë akademiese standaarde streef, moet die ontwikkeling van studente se skryfvaardighede dus 'n besonder hoë prioriteit hê.

Dié aspek van die Universiteit Stellenbosch se aanbod kry besondere aandag in die verslag van 'n taakgroep oor leer en onderrig wat onlangs voor fakulteite gedien het. Oor generiese vaardighede in die algemeen, en veral oor skryfvaardighede, beklemtoon dié verslag "dat die aanleer en inoefening van generiese vaardighede in alle programme aandag kry."

Die skryfsentrum se dienste sluit in: konsultasie met studente op 'n een-tot-een-basis; hulp met die ontwikkeling van skryfintensiewe kursusse; korter kursusse en werkwinkels vir studente en dosente; gespesialiseerde kursusse oor besondere onderwerpe; en 'n verskeidenheid hulpmiddels op die USS-webwerf.

In die sentrum word nie uitgegaan van remediërende denke nie. Dosente en studente se skryfwerk word nie "gesondgemaak" of reggemaak nie. Studente en dosente moet dus nie verwag dat die sentrum as 'n redigeerdiens sal funksioneer nie. Daar word eerder uitgegaan van die filosofie dat 'n skryfsentrum denke oor die skryftaak en die skryfproses stimuleer deur denke te stimuleer oor die vak waarin geskryf word.

Die skryftaak word nooit losgemaak van die konteks waarin dit uitgevoer moet word nie. Daarom is vennootskappe met die betrokke vakdosente belangrik.

By konsultasiesessies kan studente saam met die konsultante in 'n vriendelike atmosfeer praat oor sake soos hoe om skryfopdragte te ontleed; die skryftaak te beplan en te struktureer (die prosesbenadering), tekste te beplan en te struktureer; of oor besondere probleme wat die skrywer dalk self met sy/haar skryfwerk ervaar.

Doeltreffende skryfvaardigheidsontwikkeling staan nie apart van die konteks waarin die skryftaak uitgevoer word nie. Die USS stig dus nou vennootskappe met dosente in die verskillende fakulteite sodat kontekstspesifieke raad aangebied kan word.

Die sentrum probeer verseker dat verskille in vakinhoud, metodologie, jargon, skryfstyl, uitleg en verwysingstegnieke behoorlik in ag geneem word.

Virtuele Skryfsentrum



Die sentrum gaan ook die e-leeromgewing inspan om skryfvaardighede onder 'n groot aantal studente te bevorder.

Personeel van die sentrum ontwikkel reeds die USS-webwerf as 'n leeromgewing. Die eerste dokumente met advies oor die skryftaak is al op dié werf en toeganklik vir al die Universiteit se studente en personeel.

Dié "biblioteek" van adviesdokumente, bekend as NetNotas, word gereeld uitgebrei en departemente is genooi om van hul eie adviesdokumente daar te plaas. Die NetNotas gaan mettertyd aangevul word met kort WebCT-gebaseerde kursusse oor verskillende aspekte van die skryftaak. 'n Volledige beskrywing van dié dienste en ander aspekte van die Skryfsentrum se werksaamhede is op die sentrum se webwerf: <http://www.sun.ac.za/sagus/USSkryfsentrum.htm>

■ *Vir meer inligting: mee. Sharifa Daniels (Koördineerder: Afrikaans) of Rose Richards (Koördineerder: Engels) by rr2@sun.ac.za*



KERAMIEK UIT DIE BOONSTE RAKKE: Xoliswa (Prudence) Sgonyela, 'n Stellenbosse kunsonderwyser en opkomende keramiëkkunstenaar, by een van die moderne werke in die Smit-versameling, 'n handgeskilderde terracotta-werk van Henriëtte Ngako.



STUKKRAAG AGTER DIE NUWE VERSAMELING: Nana Wagner by van die keramiëkkunswerke in die Sasolmuseum.

KERAMIEKVERSAMELING

'n nuutjie vir museum

Verskeie skenkings van keramiëkkunstenaars het die Sasol Kunsmuseum in staat gestel om 'n Suid-Afrikaanse keramiëkversameling te vestig.

Die stukrag agter dié donasies is Nana Wagner, 'n Stellenbosse keramiëkkenner, sakevrou en organiseerder van die jaarlikse Stellenbosch Fees in September. Sy was die kurator van 'n keramiëkversameling uit die boedel van Stellenbosser, Dries Smit, wat vroeër vanjaar oorlede is. Smit (69) het sy keurversameling 40 jaar lank opgebou.

Die 17 werke van prominente kunstenaars soos Esias Bosch, Hyme Rabinowitz, Tim Morris en Andrew Walford wat uit Smit se versameling vir die Sasol Kunsmuseum gekies is, was die kern vir die museum se nuwe versameling. Dit heet die Dries Smit Kontemporêre Suid-Afrikaanse Keramiëkversameling.

Smit was 'n vurige ondersteuner van musiek en die beeldende kunste.

Van sy vriende het ook werke vir die nuwe museumversameling geskenk. Prof Hennie Aucamp, mev Coba Diederiks en die familie van mnr Michael Blersch, almal van Kaapstad, het 20 stukke byge-

dra. Dit sluit nog werke in van Bosch, Rabinowitz en Morris, en van Maritjie van der Merwe, Bill van Gilder, Barry Dibb en Hannatjie van der Wat. Nana Wagner het ook 'n werk van Henriëtte Ngako en 'n item uit die Ardmore-ateljee geskenk.

Die hele versameling is tot einde September as deel van die Stellenbosch Fees by die Sasol Kunsmuseum uitgestal.

Wagner beskryf die Sasol Kunsmuseum se nuwe versameling as 'n belangrike opvoedkundige gebeurtenis. "Daar's baie belangstelling in kontemporêre Suid-Afrikaanse keramiëk – onder meer by die jeug en by die duisende toeriste wat Stellenbosch jaarliks besoek. En daar is 'n ontploffing in kreatiwiteit onder opkomende keramiëkkunstenaars."

■ *Vir navrae oor die nuwe versameling of oor moontlike bydraes daarvoor skakel dr Lydia de Waal by (021) 808 3691 of stuur e-pos aan ldmw@maties.sun.ac.za*

KUNSMUSEUM TIEN JAAR JONK!

Op 3 Oktober was dit 'n dekadende sedert die Sasol Kunsmuseum geopen is. Dit word gevier met *Sasol 1991-2001*, 'n uitstalling wat tot 2 Desember duur.

Sasol het met 'n ruim skenking gehelp dat die eertydse Bloemhof-skoolgebou tien jaar gelede as Universiteitsmuseum in gebruik geneem kon word.

Die kunsversameling is met skenkings en erflatings uitgebrei. Die museum het veral van Christo Coetzee, wat laat verlede jaar oorlede is, 'n baie groot versameling verkry.

Die kunsmuseum se tiende verjaardaguitstalling sluit onder meer werke in van Walter Oltmann, Willie Bester, Kevin Brand, Norman Catherine, Durant Sihlali en Hentie van der Merwe.

■ Die museum is weksdae, behalwe Maandae, oop gedurende 09:00-16:00, Saterdag 09:00-17:00 en Sondag 14:00-17:00. Die webadres is www.sun.ac.za/usmuseum

Die WAT woeker met woema

Op Vrydag 28 September 2001 het die Woordeboek van die Afrikaanse Taal sy 75ste bestaansjaar gevier. Fred Pfeiffer het die plesierigheid in die HB Thom-teater bygewoon.

Mens sou kon dink: woordeboeke – hoe hou jy konsert daarvoor?! Maar wat praat jy, mens! Juis! Die WAT se woorde het nie in stowwerige kantore ontstaan nie – dis die woorde wat mense praat, van hier tot annerkant die Gariep, in al sy verskeidenhede. En al daai mense het kom konsert hou.

Terwyl almal nog so styf-styf rondstaan in die voorportaal, kom 'n troep Klopse die trap af *gejive*. Binne het die aand se *compère*, Anton Prinsloo van Afrikaanssondergrense met sy rustige stem die *show* begin.

Eerste die Universiteit se mooi dramastudente. 'n Kwaai jong man het ons kom aanspreek in Khoens, gevolg deur 'n voëlvlug oor Afrikaans se wording. Knap gedaan – swart kleertjies en al!

Toe 'n hele span vertellers om die tongvalle van Afrikaans aan te bied. Uit die Sandveld 'n vertelling oor toentertyd, vóór die aartappelrewolusie, en hoe dit nou is. Die Bokomotannie het die wulpse Swartlandheuwels kom verf en 'n Bolandse oom het vertel hoe hy sy ouma vir kreefaas gebruik het. Wat 'n lekker storie!

'n Nooi met 'n propere Engelse naam – Florence Anne Fulton, *no less* – het die mooiste twee stukke Namakwalands kom voordra: 'n hartroerende gesprek met die Here, en 'n liefdesverhaal met benoude oomblikke en 'n stroom hartstog wat gevat het aan Salomo se Hoogied.

Elias Nel bring 'n guitige Gariepse spookstorie. Toe Boesmanlandse reënuiddrukings. Troetelwoorde almal. Wraggies, met sulke sêgoed kan mens nou maar alle geykte

woorde wegpak.

Peter Sniijders het Kaapse gedigte kom voordra. En Shorty Beukes het al die pad van Namibië 'n Rehobothstorie kom bring! Hierdie voordragte was die aand se hoogtepunt. Met loutere plesier is daar met elke kontreitaal gespog. Randall Wicomb het toonsettings van Hans du Plessis se Griekwa-gedigte kom sing. Mooi en innig met aanvoeling vir die besonderheid van die tekste.

Toe weer die Sunshine Entertainers met hul ghommas. Dié ouens is gebore *performers* wat kon aanhou dagbreek toe.

Koos Kombuis het spesiaal 'n opstel geskryf oor sy oupa, dr PC Schoonees, tweede hoofredakteur van die WAT. Dit was maar gespanne tussen hulle, want hy was 'n kwaai oubaas. Maar wat wou, Koos en die WAT het vrede gemaak en alles is weer reg in die wêreld van Afrikaans.

Hennie Aucamp het 'n gediggie bygedra, en prof Andreas van Wyk hou die enigste toespraak van die aand en drink namens die Universiteit 'n glasie wyn op die verhoog. Tjorts! En Randall sing vir oulaas 'n geleentheidsnammertjie met oulike "wat"-woordspeling.

Wat hierdie konsert duidelik van gesprek het, is dat die WAT heelhartig deel is van sy taalgemeenskap. En so hoort dit.

Van leksikograaf tot leksikograaf dus, hartlik geluk aan die WAT met hierdie besondere mylpaal. Mag daar nog vele wees!

■ *Fred Pfeiffer is senior redakteur by Pharos Woordeboeke en gemoeid met die hersiening van die Tweetalige Woordeboek van Bosman, Hiemstra en Van der Merwe.*

AFRIKAANSE WOORDFEES BOU TRADISIE

Stellenbosch dra met 'n unieke Woordfees by tot die letterkunde en bou so brúe tussen tale, kulture en idees.

Die tema van die derde Woordfees van 1 tot 3 Maart 2002 op Stellenbosch, is *Dubbelpunt*. Dit illustreer die diversiteit en omvang van die program met onder meer voorlesings deur skrywers, 'n taalpolitieke debat, leessimposium, jeugfees, straatfees, dramafees en musiekuitvoerings.

Dié unieke fees het sedert sy ontstaan so vinnig gegroei dat dit nou veel meer as net 'n fees vir skrywers, letterkundiges en taal-liefhebbers is, maar ook 'n forum vir alle skeppende geeste.

Die fokus val op Afrikaans, maar die fees probeer juis so inklusief moontlik wees deur belangstellendes uit alle uiteenlopende gemeenskappe te betrek.

■ *Navrae: Naomi Bruwer by die Woordfeeskantoor (021 808-2901)*

EERSTEJAARSTUDENT SPEEL PRYS LOS



Erik Dippenaar, 'n eerstejaar BMus-student onder Mario Nell, is die winner van Unisa se sesde Orrelkompetisie vir vanjaar. Sonja van der Linden, ook 'n student van Nell, was derde. Dié

prestige-kompetisie het oor drie rondes gestrek met aantreklike prysgeld van die Unisa Musiekstigting. Deelnemers het vanjaar die geleentheid gehad om saam met 'n internasionaal bekende orrelis, prof Ludger Lohmann van Duitsland, te werk.



Van watervrees TOT WÊRELDKROON

'n Matie wat weens haar vrees vir versmoring nie haar kop onder water kon hou nie, is nou 'n wêreldswemkampioen.

Liana Bester, 'n 29-jarige honneurstudent in bedryfsielkunde, het by die Robin Hood wêreldkampioenskap vir serebraal gestremdes in Nottingham, Engeland, twee goue medaljes ingepalm. Dié nuwe wêreldkampioen was ook die 16 Suid-Afrikaners se spankaptein. Meer as 1 000 atlete uit 44 lande het deelgeneem.

Liana was elf jaar oud toe sy in 1983 van 'n perd geval en sewe weke in 'n koma was. Ná drie maande in die hospitaal, het sy steeds permanente breinskade oorgehou. Haar regterkant was erg gestrem. 'n Lang pad van rehabilitasie het gevolg. Sy moes van voor af leer om met haar linkerhand te skryf. Dit het verskeie jare geneem voordat sy selfs haar eie skoenveters kon vasmaak.

Omdat sy 'n geweldige vrees vir dieptes ontwikkel het, moes sy swemterapie in 'n vlak swembad kry. Sy kon nie haar kop onder water hou nie. "Ek dink dit kom van 'n vrees om sonder suurstof te wees, aangesien ek in 'n koma was."

Behandeling deur 'n sportsielkundige het haar gehelp om dié vrees te beheer. "As 'n oorlewingsmeganisme wou ek my vrees vir water oorwin. Wat sou gebeur as ek in die water val en nie kon

swem nie?" Sodat vyf jaar gelede het sy mededingend begin swem. Hoewel sy geleer het om haar watervrees te beheer, is sy nou nog bang vir 'n swembad sonder lyntoue.

Liana het op 'n plaas buite die Paarl grootgeword. Ná die perdryngeluk was sy in 'n skool vir gestremde kinders in Brackenfell, waar sy fisiobehandeling in skooltyd kon kry. Haar hoërskooljare was aan die Elizabeth Conradie Skool op Kimberley wat vir fisiekgestremdes ingerig is. Sy het weer aan sport begin deelneem en provinsiale kleure verwerf in diskus, gewigstoot, spiesgooi, tafeltennis en fietsry.

Ná matriek het sy vir 'n jaar rekenaarkursusse gevolg voordat sy op Stellenbosch begin studeer het. Sy het 'n BA Honneursgraad in sielkunde verwerf voordat sy besluit het om bedryfsielkunde te studeer. Nadat sy dié vak se drie voorgraadse jaarkursusse in een jaar voltooi het, is sy nou besig met 'n honneursgraad in bedryfsielkunde. Sy wil volgende jaar haar meestersgraad in bedryfsielkunde aanpak.

In Nottingham het sy die 50 m-vrslag en die 100 m-vrslag gewen en haar eie rekords verbeter. "Dis lekker om te weet ek is die wêreldkampioen," sê Liana. "Ek gaan nou nog harder oefen." ■

FOTO: DIE BURGER

KRIEKET IS MATIES SE OUDSTE SPORT

Die Maties se krieketklub het moontlik in 1864 al ontstaan, en is waarskynlik meer as 'n dekade ouer as die Universiteit se rugbyklub.

Tot onlangs is 1866 aanvaar as die Matie-krieketklub se stigtingsjaar. Maar dié klub is waarskynlik in 1864 al gestig, volgens 'n studie waarmee Gavin Stander in 2000 onder dr Floris van der Merwe se leiding 'n meestersgraad in sportwetenskap behaal het.

Die krieketklub is dus meer as 'n dekade ouer as die Maties se rugbyklub, wat in 1875 ontstaan het. Albei was aanvanklik dorpsklubs. Die krieketklub het ontstaan selfs voor die stigting van die Stellenbosch Gymnasium (1866) waaruit die latere Victoriakollege en Universiteit van Stellenbosch mettertyd ontwikkel het.

Krieket dateer uit die agtiende eeuse Engeland. Die vroegste verwysing daarna in die WP is 'n koerantberig oor 'n wedstryd tussen Britse en koloniale offisiere in 1808 op die Groenpuntse meent – beskryf as die "oldest venue still in use as a cricket ground". Dit is dus ouer as Lords, Engeland, wat eers in 1814 tot stand gekom het.

Krieket is vroeg in 1850 al by Diocesan College (Biskoppe) en later die South African College (SACS) gespeel.

Lede van die Britse leër en vloot aan die Kaap – bygestaan deur Engelse predikante en onderwysers – het die grootste bydrae gelewer om krieket hier te vestig.

Teen 1870 was krieket volstoom aan die

gang. Die sewentigerjare was die klassieke tydperk van Stellenbosch se vroeë krieket-geskiedenis, met Lammi Neethling en Ernst (Baba) Schroeder as uitblinkers. Nico Theunissen, die klub se eerste Springbok, het in 1886 as bouler na vore getree.

SIR JOHN CARROLL'S XI TOUR OF THE COLONIES

1972



Aan die begin van die twintigste eeu het krieket stadig ontwikkel, totdat PH de Villiers in 1905 Stellenbosch toe is. Teen 1913 was Stellenbosse krieket in die hoogste rat, maar kom tot stilstand toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitbreek. Alle ligakompetisies is tydelik gestaak.

Krieket word egter al gewilder onder die studente. Teen 1925 het studente die meeste plekke in die krieketkomitee gevul. Die Universiteitspan het toe baie sterker geword en wen die Thurston-beker vanaf 1927-1932, 1935/36 en 1940/41.

Ligawedstryde was onmoontlik in die Tweede Wêreldoorlog, maar die klub het voortbestaan en daar was vriendskaplike

wedstryde. Ná die oorlog is 'n nuwe turf-bladkrieketveld aangelê. Die klub kon sy vlerke spreid en ook vriendskaplik teen WP-spanne meeding. Die 1956/57-seisoen was 'n groot hoogtepunt: die eerste span het net een ligawedstryd verloor én die SA

Universiteitetoernooi die eerste keer gewen – die eerste keer dat 'n Afrikaanse universiteit dié prestasie behaal het. Hulle het dit sedertdien nog 12 keer reggekry.

Tot 1973/74 is uitstekende prestasies behaal. Die Maties wen vyf keer die O'Brien-skiel en maak geskiedenis toe hulle in 1969/70 vir die eerste keer die WP se eerste liga wen.

Eddie Barlow keer in 1975 terug. In 1978/79 wen die eerste span die Markhams-premierliga.

In 1992 is daar besluit dat die Maties in die 1992/93-seisoen 'n terugkeer tot die Boland-liga sou maak. Dit het met die Verenigde Krieketraad van Suid-Afrika se nuwe krieketgrensbepalings saamgeval. In die nuwe geleedere het die klub baie beter presteer.

Krieketlegendes wat deur die jare in Matie-kleure gespeel het, is Nico Theunissen, Izak Buys, Michael Melle, Eddie Barlow, Mike Procter, Peter Kirsten, Denys Hobson, Kepler Wessels, Garth le Roux, Adrian Kuiper, Daryll Cullinan en Dave Rundle.

Danksy sulke sterre het Matie-krieket 'n beduidende invloed op die spel in Suid-Afrika en veral in die WP en Boland gehad.

UITGEWEKE PROFESSOR 'n miskende profeet

Wie was die man wie se pienk standbeeld "weggesteek" word omdat studente-grapjasse dit beskadig? **Nic de Jager** vertel van prof Johannes du Plessis.

Die pienk standbeeld op Stellenbosch was vir geslagte Matie-grapjasse 'n onweerstaanbare magneet – die teiken van oorgretige warkoppe wat dit met verf betakel of beslagspreuk het. Min van hulle het iets geweet van die man of waarom hy met dié beeld vereer is.

Om die beeld van vandalisme te red, is dit van sy oorspronklike staanplek aan die noordelike onderpunt van Van Riebeeckstraat verskuif na voor die munisipaliteit se ou Bloemhofgebou en toe weer na agter die Universiteit se Sasol Kunsmuseum waar dit nou in afsondering staan. Op sy oorspronklike staanplek is slegs die voetstuk met die, in die omstandighede nogal ironiese, inskripsie: "God verdedig die reg".

Die standbeeld is 'n oorblyfsel van 'n bittere kerktwis in die dertigerjare, wat tot 'n opspraakwekkende hofsak gelei en die kerk byna in twee laat skeur het. Die effens kleiner as lewensgroot beeld van pienkerige marmer het in die volksmond die halfminagtende naam "Pienk Piet" gekry, seker maar weens die alliterasie, want nêrens in prof Johannes du Plessis se naam was daar 'n "Piet" nie.

Hy was 'n sprekende voorbeeld van die profeet wat nie in sy eie tyd en land geëer is nie. In werklikheid is hy verwerp en verneder deur kollegas wat nie sy wye blik



**VERWERPTE PROFEET:
Johannes du Plessis**

kon versoen met hul eie verstarde denkrigtings nie.

Baie van Du Plessis se sienings maak vandag, na byna 70 jaar, baie sin, en daar is veel meer bereidwilligheid onder hedendaagse kerklui en kritiese denkers om hom sy plek in die groot bestel te gun.

Prof Bernard Lategan, voormalige dekaan van Lettere en Wysbegeerte, meen Du Plessis was een van die NG Kerk se begaafde seuns, maar weens sy geesdrif vir die idees van die Verligting het hy

gebots met die destydse kerkowerhede en is in 1930 uit sy pos as professor in Nuwe Testament en Sendingwetenskap ontslaan.

Du Plessis is in 1868 op Cradock gebore, die enigste kind van die dorpspredikant, ds Jan Hendrik du Plessis, en Harriet Barker, dogter van eerw George Barker.

Sy ouers was gebore aristokrate, en veral weens sy ma se invloed, praat hy Engels vlot. Voor sy veertiende verjaarsdag gaan hy twee keer oorsee – die eerste keer om doktershulp te soek nadat 'n kindersiekte toe hy sewe jaar oud was, doofheid veroorsaak het wat hom sy lewe lank sou bybly.

In 1888 behaal hy BA aan die South African College (deesdae UK) en op 6 November dié jaar teken hy die Stellenbosse Kweekskoolregister. Vier jaar later is hy na Edinburg, Skotland en behaal net ses maande later BD met onderskeiding in Hebreeus.

In 1916 word hy professor aan die Stellenbosse Kweekskool in Nuwe Testament en Eksegese, met Sendingwetenskap wat later bygevoeg word.


Prof GBA Gerdener, 'n destydse kweekskooldosent, skryf oor Du Plessis se twaalf vrugbare jaar as hoogleraar: "...sy vermoë om te ontleed en daarna te rangskik en te koördineer, maak hom gewild. Ook lok hy graag vrae en besprekings uit. Sy wye belesenheid, grondige geleerdheid en innige vroomheid maak van hom 'n uitnemende leermeester."

In 1922 ken die UK 'n eredoktorsgraad

aan hom toe en twee jaar later ontvang hy 'n DD van die Universiteit van Edinburg.

Sy blad *Het Zoeklicht* (later *Die Soeklig*) volg in 1923 in die voetspore van die ou *Gereformeerde Maandblad*. Weer Gerdener: "Die hele struktuur van sy teologiese denke is progressief van aard. Hy kan hom nie tevrede stel met die gedagte dat mense moet glo en bely presies soos hul voorouers dit gedoen het nie; die kennis moet altyd nuwe velde verower. Daartoe moet by die teologiese wetenskap allerlei hulpbronne soos die lettere, kuns, regs- en natuurwetenskap betrek word. Elke teoloog moet ook breër kultuurmens wees."

Hoewel sulke standpunte vandag deur



Hy was 'n sprekende voorbeeld van die profeet wat nie in sy eie tyd en land geëer is nie. In werklikheid is hy verwerp en verneder deur kollegas wat nie sy wye blik kon versoen met hul eie verstarde denkrigtings nie.

die meeste denkende mense verwelkom word, moes dit in die dertigerjare teologiese TNT gewees het.

Twee ander sienings van Du Plessis wat destyds groot onmin onder die behoudende groep veroorsaak het, laat vandag nog meer verontwaardigde briewe op koerante neerreën as nartjies op 'n WP-ondersteuner by Loftus.

Eerstens het hy geen bedreiging gesien in Darwin se evolusieteorie nie. Volgens hom was evolusie as kreatiewe proses totaal versoenbaar met die skeppingsverhaal in die Ou Testament. Tweedens, en dit was skynbaar die doodskoot, die óú turksy: moet Jona as 'n historiese of allegoriese figuur gesien word?

Du Plessis het gevoel dat Bybeluitleg

minder letterlik moet wees. Toe die kweekskoolkuratorium uitvind dat hy dié sienswyses ook in die klaskamer uitdra, was die vet in die vuur. Die Vrystaatse sinodale kommissie teken protes aan en van alle kante word beswaar geopper oor leering wat "afwykend en gevaarlik" is.

Na 'n onverkwiklike twee jaar van versoeningspogings, aanklagte, appèlle en broederlike bitterheid, is Du Plessis op 12 Maart 1930 vir 'n onbepaalde tyd geskors. 'n Hofsaak teen sy skorsing word deur Du Plessis in die Kaapse Hooggeregshof ahangig gemaak. Byna twee jaar later, op 15 Januarie 1932, word uitspraak in Du Plessis se guns gegee. 'n Buitengewone sinode word gedwing om die besluite van 1928 oor sekere leerpunte en die sinodale von-

nis van 1930 terug te trek.

Maar, ondanks sy oorwinning, het Du Plessis nooit weer aan die kweekskool onderrig nie. Vermoeienis en toenemende doofheid dwing hom om hom al hoe meer terug te trek, en hy sterf op 16 Februarie 1935.

Wat was die gevolge van dié tragiese geskiedenis?

Volgens Lategan het Du Plessis "wetenskaplike ondersoek en intellektuele debat op Stellenbosch en onder Afrikaners geweldig gestimuleer. Teologie was 'n gelyke vennoot in dié intellektuele gistingsproses.

"Die kerk se optrede teenoor Du Plessis het dit egter verander. Dit het regstreeks aanleiding gegee tot 'n strukturele tekortkoming in die kerk se hermeneutiek of Bybeluitleg.

"Blywender egter was die verlies aan 'n kritiese ingesteldheid. Teologie het nie langer deel gevorm van die intellektuele gistingsproses nie en op Stellenbosch is dié rol deur ander dissiplines, soos die filosofie, oorgeneem."

"Daar was 'n gebrek aan vaardighede vir holistiese Bybeluitleg en 'n afwesigheid van 'n kritiese uitlegbewussyn. Dié vakuum het die deur oopgelaat vir die onkritiese en meganistiese aanvaarding van die onfeilbaarheid van die Skrif.

"Dié oorweldigende respek vir die Bybel het mense weerloos gelaat teen die Bybelse regverdiging van apartheid," sê Lategan.

Of 'n mens nou met Johannes du Plessis se menings saamstem of nie, wat uiters belangrik is, is die kritiese kyk na vernuwende idees en sienings.

Soos die spreekwoord lui: "Those who believe, are happy; those who doubt, are wise."

PW groet in April 2002

Een van Stellenbosch se bekendste akademici, prof PW van der Walt, dekaan van Ingenieurswese, wil in April 2002 op 55 met pensioen uittree en sy loopbaan in die privaat sektor voortsit.

Vir baie mense op die kampus is dit onverwags. "Dis moeilik om die Universiteit, laat staan nog dié fakulteit, sonder PW voor te stel," sê een van sy kollegas.

Maar dié gewilde dekaan sê hy wou nog altyd nie meer as twee termyne dekaan wees nie. "Met my tweede termyn byna verby, moes ek dink aan die lewe ná dekaanskap. Ek het onlangs 'n baie interessante aanbod uit die privaat sektor ontvang." Hy word bedryfsleier vir tegnologie by Reutech Radar Systems (RRS) met



wie hy as stigterslid 'n lang verbintenis het.

Dit gee hom ruim geleentheid om die vaardighede wat hy in meer as 30 jaar opgebou het, te benut. "Ek sal steeds by die Universiteit betrokke wees en 'n inset lewer by Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese se onderrig- en navorsingsprogramme."

Sy verbintenis met die Universiteit strek oor dekades. Hy het BSc, BIng en MEng alles met lof behaal en 'n PhD in 1983. Hy het in 1980 professor geword en is sedert 1993 dekaan. Hy is onlangs verkies tot genoot van die Ingenieurswese Akademie van Suid-Afrika, wat bestaan uit 70 uitgelese lede uit al die ingenieursdisiplines in Suid-Afrika.



PRETORIANER LEI GROOTSTE FAKULTEIT

Die Oudmatie prof Estian Calitz, voorheen van Unisa in Pretoria, is sedert Julie 2001 dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, die Universiteit se grootste fakulteit.

Calitz het prof Johan Matthee opgevolg wat afgetree het nadat hy sedert 1965 by die Universiteit gewerk het. Matthee, 'n rekeningkundige, het in Januarie 1972 professor geword. Calitz, wat professor in ekonomie by Unisa was, het BComm in 1969 op Stellenbosch verwerf en DComm in 1972. Hy het ook op Tukkies gestudeer. Sy vrou, Karin, het BA (Regte) op Stellenbosch behaal. Van hul vier kinders is die twee middelstes, Wietsche (21) en Wilkin (19) nou Maties.

VEILIGHEID KRY VOORKEUR OP KAMPUS

Die uitbreiding van die groen roete om die biblioteek en rekenaar-gebruikersareas in te sluit en paniekalarms digby vrouekoshuise is van die aanbevelings van 'n internasionale veiligheidsoudit vir die Universiteit.

Kampusveiligheid is vir die Universiteit uiters belangrik. Daarom is die Lemap (Loaned Executive Management Assistance Program) veiligheidsoudit deur IACLEA (International Association for Campus Law Enforcement Administrators) by die Universiteit se kampusse op Stellenbosch, Tygerberg en Bellvillepark gedoen.


Risiko- en Bestuursdienste (USRBD) se hoof, Viljoen van der Walt, sê: "Sowat 53 aanbevelings is in die finale verslag gelys. Baie daarvan was reeds deel van die Universiteit se beplanning en ander het tot nuwe insig gelei. Die verslag is positief ontvang en plaas USRBD se dienste in 'n nuwe perspektief."

Van die ander aanbevelings in die verslag is die opgradering van die omheining by Tygerberg

en dat geslotebaankameras pleks van meer personeel by Tygerberg en Bellvillepark ingespan word. Die Universiteit het verlede jaar al 'n hoë prioriteit op die opgradering van die omheining geplaas, maar weens die hoë koste daarvan is besluit om dit oor die volgende paar jaar in fases af te handel. Die bestaande heining word nou met lemmetjiesdraad aan die binnekant versterk. Die eerste fase, van die hoofingang tot by die sportvelde, is reeds voltooi.

Die Lemap verslag beveel sterk aan dat die veiligheidsmaatreëls by alle koshuise, veral ook by die mans s'n, hoë prioriteit moet geniet. Diefwering word oral op die drie kampusse aangebring waar nodig. 'n Misdaadvoorkomingsprogram word ook in die vooruitsig gestel.





VINKEL EN KOLJANDER

'n Tweeling was vanjaar primaria en primarius van twee Matiekoshuise: Elrina Hendrikz by Nerina en haar tweelingbroer, Niel, by Huis Marais. Albei het BComm gestudeer en verlaat die kampus einde vanjaar. Neil, wat sy graad in bestuursrekeningkunde voltooi het, gaan by 'n Stellenbosse ouditeursfirma werk en Elrina wil vir 'n tyd in Londen gaan bly. Hul ouers, Johan en Elsa Hendrikz van Port Elizabeth is ook albei Oudmaties. Sover bekend, is dit die eerste keer dat 'n tweeling terselfdertyd Matiekoshuiseleiers was.

JONG DOSENT WEN IN SWITZERLAND



Dr Corli Witthun, 'n dosent in Voedselwetenskap, het op 'n internasionale simposium oor bakterieë in Switserland die prys gekry vir die beste referaat deur 'n jong wetenskaplike. Twintig lande is by die simposium verteenwoordig.



FLORIS DERDE KEER IN WÊRELDBESTUUR

Dr Floris van der Merwe van die Departement Sportwetenskap is die derde keer ná mekaar in die International Society for the History of Physical Education and Sport se bestuur verkies. Dié verering het hom in Montpellier, Frankryk, te beurt geval waar hy 'n internasionale kongres vir sporthistorici bygewoon het. Van der Merwe is sedert 1979 aan die Universiteit verbonde.

As Finansies die Probleem met Studies is, Dan het ons die Oplossing

'n Salarisafteekfasiliteit is beskikbaar vir alle studente en/of hulle afhanklikes by die Universiteit van Stellenbosch wat in diens van enige staatsdepartement is (PERSAL), en 'n bank debietorder fasiliteit vir alle ander studente en/of hulle afhanklikes.

Goedgekeurde Edu-Loan maatskappye kan ook 'n salarisafteekfasiliteit beskikbaar stel vir hulle werknemers en/of hulle afhanklikes, by enige tersiêre instelling van hulle keuse.

Doen ook gerus navraag oor die EDU-Xtras Slim-kaart wat finansiële bystand bied met studiebenodigdhede soos boeke, skryfbehoeftes ens.

Kontak: Liezl Louw op (021) 882 8150 op kampus in die Neelsie Studentesentrum.

Hoofkantoor Hulplyn (011) 670 6100

GEEN
DEPOSITO
VASTE PAAIEMENTE



EDU-LOAN

Edu-Finansiering vir Môre se Leiers

www.eduloan.co.za

Daar is verneem dat die volgende Oudmaties en oudpersoneellede van die Universiteit onlangs oorlede is:



Prof Dirk Ehlers



Dr Liz Ploughman

■ **AP BRINK**(80) van Mooreesburg, Bsc 1942; het ook op Potchefstroom gestudeer; was byna 28 jaar wiskundeleerkrag en adjunkhoof, Hoërskool Carnarvon.

■ **REGTER CMS BRINK** (76) van Bloemfontein; BA, LLB 1947-'48.

■ **PROF DE (TOEKS) BOTHA** (65), Mosselbaai; BScBng, HonsB (B&A), MBA (1959, '74); afgetree, Sowetokampus, Vista Universiteit.

■ **ME BLYDA CHALLONER** (geb Lombard, 73), Melkbosstrand; HPOD; oudinwoner, Monica, Sonop; afgetrede adjunkhoof, Belporte opvoedkundige inrigting, Kaapstad.

■ **A DE V (GUS) CLUVER** (92), Lynnwoodrif, Pretoria; bekende oudjoernalis, *Die Burger*, *Die Vaderland* en lank Pretoriase hoof, *Die Transvaler*; broer van wyle prof PF Cluver, hoof van neuropsigiatrie, en afgetrede Konservatorium-dosent me Betsy Cluver; Cluverweg op Stellenbosch is na hulle pa vernoem.

■ **DR DP (ADV LANG DAVID) DE VILLIERS** (82), Houtbaai; toneelser-tifikaat, BA, LLB 1938-'41; eredok-torsgraad 1966; voormalige besturende direkteur, Naspers; befaamde regsman; leier, regsman wat "Suidwessaak" in Wêreldhof, Den Haag, 1966, gewen het; laaste praktiserende "Queens Council" in Kaapse Baie.

■ **JULIAN DU TOIT** (28), Caledon; BComm, LLB 1994-'96; primarius, Wilgenhof, 1996.

■ **PAUL J DU TOIT** (76); Welgelegen, Parow; BA Maatsk Werk 1948; afgetrede assistentdirekteur, destydse Kleurlingsake.

■ **PROF DIRK J EHLERS** (82); Stellenbosch, BA, DPhil 1940, '68; hoof, Biblioteekkunde (nou Inligtingkunde), US, 1962-'83; baanbreker, ontstaan van Inligtingsentrum vir Kinderlektuur en -media, US, 1979; voorheen o.m. by destydse Carnegie-biblioteek, US, en Vrystaatsse Universiteitskollege, Transvaalse en Kaapse biblioteekdienste, Parlementsbiblioteek.

■ **JOHN A FENN** (78), Somerset Wes; BSc Bosbou, 1949; oud-Dagbreker; afgetree, Departement Bosbou in Kaapstad, 1982.

■ **DAVID F FROST** (49), Somerset Wes; BSc, HonsBng 1974, '75; oud-dosent, elektroniese ingenieurswese, US.

■ **ODUGENL JP GOUWS** (92), Bellville; BA 1921; hoof, Polisiekollege, Pretoria-Wes; tot 1971 hoof SAP.

■ **WALTER JFS LUTSCH** van Stellenbosch, vroeër Pretoria; dosent, meganiese ingenieurswese, US, 1945-'48, '50-'63; daarna by Sasol, Krygstuigraad (hoofbestuurder) en afgetree, Atoomkragraad, 1976

■ **MEV ANNELEEN MARTIN** (61), Hartswater; LSOD; adjunkskoolhoof.

■ **MEV AM (GRETA) MCARDELL** (geb Pauw, 88), Mouillepunt, Kaapstad; BA, MA, SOD 1933-'35; oudinwoner, Monica; onderwyser, 14

jaar; tree af, biblioteekkundedosent, Unisa.

■ **MEV DM MUSIOL** (geb Louw, 75), Wonderboom-Suid, Pretoria; BA, SOD, Hons, 1945-'65; oudinwoner, Huis De Villiers.

■ **OSCAR V (HAMPIE) PLICHTA** (66), Keetmanshoop; BComm, BSc Bng; sakeman; gewese Namibiese kabinetslid.

■ **DR EMT (LIZ) PLOUGHMAN** (50), Agter-Paarl; voorheen Welge-moed, Bellville; kenner van sake-etiek; behaal vroeër vanjaar doktorsgraad onder prof Willie Esterhuys, Bestuurskool; wys doseerpos van die hand vir gemeenskapsopheffing; hulp aan minder-bevoorregtes was vir haar 'n passie; werk op privaat gefinansierde Masekhane-gemeenskapsprojek waar sy tuis vermoor is; dié projek bied "geestelike verryking aan mense wat baie seergekry het in die verlede"; sy was "Mamma Liz" vir projek se 128 mense, ook van oorsee.

■ **ME CW (NIELIA) RALL** (geb Maree, 37) van Centurion; Diploma in Hospitaaldieetkunde.

■ **JEREMY SCHLEYER** (27) van Richmond, KwaZulu-Natal; oudstudent in bosbouwetenskap; verbonde aan 'n bosbousaak waar hy onder vals voorwendel in die nag vir bos-brand uitgeroep en toe vermoor is.

■ **JAN DU T SMIT** (65), Stilbaai; BSc Landb 1959; oud-Wilgenhoffer; getroud met Riëtte (Brink), oudin-

woner, Huis De Villiers.

■ **TIMOTHY JAMES TANTON** (54), Pretoria; BSc Bng; in 2000 dood in motorkapingpoging.

■ **DR AJ (ABIE) VAN DEN BERG** (79), Bryanston, Johannesburg; BSc 1943, ere-DComm 1988; oud-Wilgenhoffer; voorsitter, Sanlam, NOK; 31 jaar aan NOK verbonde.

■ **JJ (JOE) VAN DER VYVER** (67), Durbanville; BComm 1952; voorsitter, Kaapse Verbruikers; afgetrede senior hoofbestuurder, Sanlam.

■ **ME JE (ZETTA) VAN DER WESTHUIZEN** (37), Goodwood; BA; oudinwoner, Huis de Villiers.

■ **ME ADÈLE VAN MOLENDORFF** (32), Oak Glenn, Bellville; BSc en HonsBSc (Agric).

■ **ME CE (COLETTE) VAN ROOYEN** (geb Vivier, 44), Bryanston, Johannesburg; BA, LLB 1977-'80; en haar man, **Herman van Rooyen** (46); BComm, LLB 1977-'79; ontmoet as regstudente, Stellenbosch; stig saam prokureursfirma waar sy werk terwyl hy sakewêreld betree: medestigter, Hernic, wat fer-rochroom myn en verwerk; voorste uitvoerder na Japan, VSA en Europa.

■ **MEV MARIË VISAGIE** (geb Fernhout, 61), Betsysbaai; BA, Hons (geografie) 1960, '62; oudprimaria, Lydia; oudlid, US Koor; getroud, ds Jan Visagie, NG predikant, Piketberg, Eendekuil.

■ **DS HENNIE WINTERBACH** (76), Kuilsrivier; BA 1946, BTh, Kweekskool; NG predikant, tot aftrede, 1989.

Internetgebruik verdubbel elke jaar. Wêreldwyd word daar reeds meer e-posse gestuur as telefoonoproepe. E-handel kan binne enkele jare meer as 'n kwart van alle sake-transaksies uitmaak.

Johannes Jordaan gee raad oor rekenaars!



Hou tred met die nuwe inligtingsomgewing - **RAAK REKENAARVAARDIG**

Verbeter rekenaarvaardigheid in die werkplek en verhoog produktiwiteit!

Wie die rekenaar ken, ontdek 'n nuwe wêreld. En as jou personeel rekenaarvaardig is, word hulle meer produktief.

Toe 'n sakevennoot in Australië twee jaar gelede in plaas van fakse, e-posse aan my begin stuur het, het ek besef dat dit vinniger en goedkoper as fakse is, veral internasionaal.

Vandag doen ek 90% van my kommunikasie per e-pos. Ek vind my skootrekenaar onmisbaar.

Toe ek die rekenaar gekoop het, was my onmiddellike probleem: hoe word ek vinnig en goedkoop rekenaargeletterd?

Selfstudie-gidse

Geen eenvoudige Afrikaanse gidse vir beginners was beskikbaar nie. 'n Instrukteur in rekenaargeletterdheid het my aanvanklik touwys gemaak. Ons het beide onmiddellik die behoefte aan gebruikersvriendelike en maklik verstaanbare selfstudie gidse, veral vir nuwelinge, raakgesien.

Ons besluit toe om praktiese gidse in Afrikaans en Engels te ontwikkel. Dit dek die gewildste programme, naamlik:

- Windows 95/98
- Internet en e-pos (Outlook Express)
- Woordverwerking (MS Word)
- Sigblaai (Excel).

Hierdie gidse was besonder gewild by die publiek en meer as 2500 stalle het die afgelope jaar verkoop.

Die gidse bied opleiding uit die boonste rakke: goedkoop, gerieflik, en in jou eie tyd deur selfstudie.

E-pos bespaar my geweldig baie tyd en koste. My korrespondensie word alfabeties (of kronologies, volgens my keuse) gellasseer. Ek kry ook wonderlike sinergie met kollegas en vriende wêreldwyd.

Die Internet gee my toegang tot 'n magdom inligting en ek doen ook my banksake, teater- en vakansiebesprekings elektronies vanuit die gerief van my kantoor. Ek gebruik dit ook met groot sukses vir advertensiedoeleindes.

Elektroniese leer ("E-learning")

Daar is 'n groot behoefte aan elektroniese onderrig. Leerders in maatskappye of ander organisasies met netwerke, kan op hul eie leer of deur middel van afstandsonderrig. Hulle kan bystand van die opleier verkry deur met e-pos te kommunikeer en vordering kan gemonitor word.

Ons hele reeks gidse is tans in papierformaat beskikbaar. Binnekort sal al ons gidse ook elektronies as CD-Roms beskikbaar wees vir individuele- en netwerkaanwending.

Elektroniese opleiding bied enorme voordele. Dis goedkoop. Dis aanpasbaar. Dis opwindend. Trouens, meer as 50% van alle korporatiewe opleiding sal daarom teen die jaar 2003 elektronies geskied.

Voordele van elektroniese leer

- Die vaardigheidsheffing kan geeis word: so die staat betaal vir die opleiding.
- Dis goedkoop.
- Jy slaan vinnig na a.g.v. deurlopende toegang tot prosedures.
- Tyd word bespaar en produktiwiteit word verhoog.
- Minder opleidingstyd weg van die werkplek.
- Min ondersteuning van opleiers is nodig.
- Die opleidingsproses kan deur middel van 'n netwerk bestuur en gemonitor word.
- Toetsing is direk en onmiddellik. Vaardighede kan voor en na die opleiding gemonitor word.

As jy meer wil weet, kan jy vir Johannes Jordaan kontak by johannes@helderbergsystems.co.za of by Selfoon 083 325 1750.

Bestel gerus jou gidse deur die bestelvorm op die laaste bladsy in te vul.

Johannes is 'n oudmatie, sakeman en konsultant wat onder meer by opleiding in rekenaargeletterdheid betrokke is.

ALUMNI is deel van ons toekoms

As ons nog enige twyfel gehad het of die wêreld rondom ons aan die verander is, dan het die gebeure van 11 September 2001 in die VSA dit sekerlik uit die weg geruim. Die ondenkbare, weet ons nou, kan wel gebeur. Gerieflike aannames oor wat veilig en voorspoedig is, kan in een oogwink uitgewis word. En ons moet almal weer die les leer dat die grond voortdurend onder ons voete beweeg. Dit geld vir die universiteitsomgewing, net soos dit in die nasionale en internasionale bestel geld.

In so 'n veranderlike omgewing het ons drie opsies. Ons kan skuiling soek teen die golf van verandering. Ons kan ons laat meesleur deur die golf. Of ons kan die golf van verandering ry.

My wens vir die Universiteit van Stellenbosch vir 2002 en vorentoe is dat ons die golf sal ry. Dat ons sal kom waar ons wil wees ten spyte van die golf van verandering, juis deur die krag van die golf self te gebruik. En waar ons wil wees, is eenvoudig genoeg om te sê: ons wil 'n topuniversiteit wees. Soos ons die golf van verandering ry, bly ons blik steeds gevestig op die idee dat mense oral in die wêreld altyd kwaliteit sal herken en dat ons dit wil verskaf.

Alleen kan die Universiteit dit egter nie doen nie. Ons het 'n ondersteuningspan nodig. En waar sou ons 'n beter ondersteuningspan kon kry as die tienduizende alumni? Julle het ervaring. Julle het kundigheid. Julle ken ons land met sy probleme en vooruitsigte. Maar julle ken ook die wêreld. Baie van julle voel net so tuis in Londen of Sydney of New York as in Suid-Afrika. En ons alumni ervaar self verandering, dag na dag, hier en elders.


Aan die een kant bly die Universiteit 'n stabiele verwysingspunt vir geslagte van alumni. Aan die ander kant, egter, kan die ervaring en verspreiding van ons alumni 'n geweldige hulpbron vir die Universiteit wees om betyds die golf van verandering te sien kom. Ek glo dat ons Stellenbosch met die ondersteuning van die alumni as 'n topuniversiteit kan en sal vestig. En ek nooi almal om saam met ons hierdie uitdaging aan te pak.



Chris Brink
Aangewese rektor en visekanselier



My wens vir die Universiteit van Stellenbosch vir 2002 en vorentoe is dat ons die golf sal ry.



Rich tastes indeed.



Lanzerac Manor and Winery on the outskirts of Stellenbosch is situated on a 300-year-old wine estate and enjoys an unparalleled reputation for luxury, high standards of service, fine wine and first-class food. Surrounded and partly sheltered by the Helderberg mountains, the 155-hectare estate enjoys a mild Mediterranean-like climate, making it an ideal getaway destination. Lanzerac is a perfect base from which to explore the surrounding Jonkershoek Valley and nearby towns of Paarl, Somerset West and Franschhoek. Beaches are between 20 and 70



LANZERAC MANOR
& Winery
— 1692 —

minutes away and with many a summer day peaking at 32 deg C, offer a relaxing option to a day in the winelands. Attention to detail makes staying on this prestigious estate a memorable experience. Gardens are immaculately tended while suite interiors are designed with an eye to comfort and subtle luxury.

For further information call Central Reservations:
Lanzerac Manor & Winery Stellenbosch. PO Box 4 Stellenbosch, 7599. Tel: +27 (21) 887-1132, Fax: +27 (21) 887-2310 or Email: info@lanzerac.co.za